November - Desember 2021

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 20, No. 6 Vertalings uit ’n vroeër gepubliseerde Nov-Des 2020 *Tomorrow's World*-tydskrif



’n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

## “...sonder dat iemand hulle verskrik”

'n Mens mag dalk dink dat die jaar 2020 as een van die moeilikste jare in die moderne geskiedenis bekend sal staan. Ons het onrus in baie lande en streke regoor die wêreld gesien, vanaf lande in Sentraal- en Suid-Amerika, tot in die Verenigde State, Europa en Hongkong. COVID-19 is iets wat ons dalk almal graag sal wil vergeet, maar die grootste nalatenskap daarvan kan dalk die jare lange ekonomiese impak wees en wanneer ekonomieë in duie stort, volg daar gewoonlik slegte dinge.

Die V.S. was die afgelope 75 jaar 'n stabiliserende mag in die wêreld, ondanks sy vele tekortkominge. Wanneer ek dit sê sal dit ongetwyfeld kritiek uitlok, maar sou enigiemand wat die geskiedenis en geopolitiek verstaan, regtig verkies dat die Verenigde State deur Rusland, China, Iran of Noord-Korea vervang word? Ten spyte van al Amerika se foute – en daar is baie – sou die wêreld 'n baie slegter plek gewees het indien Japan of Duitsland die Tweede Wêreldoorlog gewen het. Gelukkig was albei hierdie lande, ten minste vir die afgelope dekades, bykomende stabiliserende magte tot voordeel van ons wêreld. Alhoewel ons gelukkig is dat hulle nie die Tweede Wêreldoorlog, vanweë die rigting wat hulle destyds ingeslaan het, gewen het nie, het hulle sedertdien wonderlike veranderings aangebring en hulle verdien ons diepste respek daarvoor.

Ja, 2020 gaan in die geskiedenis bekend staan as 'n jaar om te onthou – of sal dit? Na wat ons reeds gesien het (en net God weet wat nog in die laaste maande van hierdie jaar gaan gebeur), kan dit dalk na 'n vreemde vraag klink.

Kan gebeure egter in die jare *na* 2020 só katastrofies wees dat dit uiteindelik die traumas van 2020 meer na 'n geskiedkundige voetnota verander?

Daar is 'n rede waarom hierdie tydskrif die *Wêreld van Môre* genoem word. Ons weet dat 'n baie beter wêreld aan die kom is wat nie op die goedheid van die mens gebaseer nie, nie op vooruitgang in die wetenskap gebaseer is nie, ook nie op godsdienstige herlewing gebaseer is nie, maar wel op die beloftes wat gevind kan word in die Boek wat deur so baie mense besit word, maar wat so min mense lees. Selfs baie mense wat wel daardie Boek lees (om nie te praat van diegene wat dit nié doen nie) vind dat die voorspellings daarin te goed is om waar te wees. Ja, ons lees in die Bybel dat die Messias sal terugkeer en ons beter hoop dat Hy wél sal kom, want die kanse dat die mensdom nog 50 jaar sal kan oorleef, lyk nie goed nie. Om eerlik te wees, dit lyk nie eers goed dat ons nog 20 jaar kan oorleef nie!

**Goeie nuus …**

Die Bybel beloof dat Jesus Christus sal terugkeer om oor die hele aarde te heers (Sagaría 14:9; Handelinge 1:11) en vrede sal bring na hierdie gebroke wêreld. Daardie vrede sal nie onmiddellik kom nie, aangesien die nasies teen Hom sal veg (Openbaring 17:14). Stel u voor dat die wêreld so mislei sal wees deur 'n magtige, bose wese, wat agter die skerms werk, dat nasies eintlik sal veg teen die Een wat sal kom om die vernietiging van die mensdom te keer (Matthéüs 24:21-22; Openbaring 12:9)! Ons Skepper sal nogtans, ondanks Satan se pogings, Sy vyande verslaan (Sagaría 14:12-15).

Selfs dán sal vrede nie moontlik wees voordat daardie groot bedrieër – die vors van die mag van die lug, wat die mensdom aanhits om te veg en oorlog te voer – verwyder is nie (Efésiërs 2:2; Openbaring 20:1-3). Dit sal die weg baan vir 'n verandering in die menslike natuur, wanneer God Sy Wette op die menslike verstand en harte sal skryf (Hebreërs 8:8-13). Met sterk leierskap sal Satan se bose invloed uit die weg geruim word. Met God se Gees wat sal oorheers, sal daar 'n tyd van vrede volg.

Ons lees een profesie na die ander met betrekking tot daardie tyd:

> "EN aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe


**Voorblad**

**Persoonlik – "...sonder dat iemand hulle verskrik"**
Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Vakansiedae of Heilige Dae?** 3
Namate 'n onstuimige jaar tot sy einde kom is baie mense op soek na die gerusstelling van die tradisionele vakansiedae. Daar is egter 'n antieke Bron wat dae van baie belangriker betekenis onthul.

**Behoort u die "Sondaar se Gebed" op te sê?** 9
Hierdie woorde is moontlik geuiter deur baie mense wat graag hulle lewens wil verander maar help dit regtig en weet u regtig wat dit bedoel?

**Wanneer kinders die kennis van die Skepper ontsê word** 15

**Die kuur vir politiek** 16
Baie mense smag daarna dat die venynige bitterheid van politieke konflik tot 'n einde kom. Daardie einde sal kom, maar nie deur mense se toedoen nie!

**COVID-19: Vrees en u toekoms** 21

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

**Die werke van Sy hande** 24


Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org


**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Gerald E. Weston
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Kuns Redakteur**
John Robinson
**Besturende Redakteur**
Wallace Smith

**Streeksredakteurs**
Robert Tyler (Australasië)
Stuart Wachowicz (Kanada)
Peter Nathan (Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6288
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 0P6
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
Box 111, Berkeley Square
London, W1J 5FJ
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 086 607 7398

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.



© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou


Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Vakansiedae of Heilige Dae?

**Deur Richard F. Ames**

*Wat vier u en waarom? Het die hedendaagse hoofstroom Christendom belangrike waarhede verdoesel oor die onderhoudings wat God aan Sy volk gegee het? Die waarheid oor God se eie Heilige Dae kan u nader aan u Verlosser bring en u lewe vir altyd verander!*

Almal hou van 'n vakansiedag – dit lyk altans of die meeste van ons daarvan hou. Vakansiedae kan ons 'n blaaskans gee van besige en vermoeiende werkskedules. Ons kan dalk tyd saam met vriende en familielede deurbring wie ons vir lank nie gesien het nie. Daar kan dalk spesiale kos voorberei word vir 'n maaltyd op 'n vakansiedag. Ons het dalk die geleentheid om oor 'n geskiedkundige nasionale gebeurtenis na te dink of om 'n beroemde persoon te vereer wat baie vir ons land opgeoffer het. Daar kan dalk selfs spesiale openbare geleenthede wees – moontlik 'n optog of 'n sportgeleentheid wat ons graag wil sien.

Natuurlik kan daar ook 'n ander kant van die vakansiedae wees. Ons sit moontlik gespanne op stampvol lughawens, in verkeersknope en ou wonde wat tydens familiebyeenkomste weer oopgekrap word. In 2020 beleef ons nog die ekstra spanning van die pandemie. Hoeveel mense wat van groot familiebyeenkomste hou, bevind hulle alleen op dae wat eenmaal pret en saamkuier ingehou het? Hoeveel introverte wat vroeër die gewoel van die vakansiedae gevrees het, wens nou dat hulle ten minste 'n *bietjie* meer kontak met vriende en geliefdes kan hê?

Moontlik is ons in 2020 meer as ooit daaraan herinner dat daar meer aan 'n vakansiedag behoort te wees as net 'n geleentheid vir pret. Hoeveel mense regoor die wêreld het die jaar op die onafhanklikheidsdag van hulle land, stilweg oor hulle seëninge besin in plaas daarvan om saam met vriende partytjie te hou? Hoeveel mense het dae by die werk afgeneem en dankbaar gevoel vir die voorreg van goeie gesondheid en die vermoë om enigsins te kán werk? Hoeveel mense het 'n eensame Dankseggingsdag deurgebring en nagedink oor die baie seëninge wat nog in hulle lewens oorgebly het, selfs in tye van nasionale spanning?

Vakansiedae is natuurlik nie net nasionale geleenthede nie. Baie godsdienste onderhou "heilige dae" – trouens, dit is waar die Engelse woord "holi*day*" vandaan kom. Wat maak 'n dag egter Heilig? Hoe kan ons weet of 'n dag Heilig *is*? Volgens die Skrif word iets wat "Heilig" is, "afgesonder" van dít wat nié heilig is nie. In 'n wêreldse sin word Veteraansdag, Werkersdag en ander soortgelyke dae "afgesonder" van gewone dae op die kalender. 'n Heilige Dag in die Bybelse sin is egter iets baie besonders. Dit is 'n dag wat *God Self* vir Sy volk *afgesonder het*. U Bybel bevat 'n lys van *verskeie* spesiale dae wat God as Heilige Dae afgesonder het.

Watter dae het God afgesonder? Baie mense is verbaas om te verneem dat die Bybel nie eers "Kersfees" of "Paasfees" *[Easter]* noem nie, alhoewel die *King James Version* die Griekse woord *pascha* in Handelinge 12:4 foutief vertaal as Paasfees, in plaas van die regte woord "Pasga". Nóg meer mense is verbaas wanneer hulle ontdek watter dae in die Bybel as Heilig afgesonder *word*. Verbasend genoeg het verskeie gewilde "Christelike" vakansiedae nie hulle oorsprong in die Bybel nie, maar in heidense tradisies – ten spyte daarvan dat God Sy volk beveel om die tradisies van hulle heidense bure te verwerp (Deuteronómium 12:29-32; Jeremia 10:1-5)!

**Nasionale vakansiedae**

God se bevel om heidense gewoontes te verwerp, beteken nie dat ons verbied word om toepaslike nasionale of federale vakansiedae te vier nie. Jesus self het 'n nasionale vakansiedag onderhou wat deur die Joodse volk onderhou is. Ons lees in Johannes 10:22-23 dat

Jesus aan die Fees van die tempelwyding deelgeneem het. Dit is nie een van die Bybelse Feeste wat God vir antieke Israel beveel het nie, maar was eerder in baie opsigte gelykstaande aan 'n nasionale Joodse "Dankseggingsdag". (Met verloop van tyd het dit ontwikkel tot die nasionale vakansiedag wat die Joodse gemeenskap tans "Hanukkah" noem.)

Vandag het baie nasies 'n Dankseggingsdag. Op 3 Oktober 1789 het die V.S. president, George Washington, 'n Dankseggingsproklamasie uitgevaardig. Hy het verklaar: "Dit is die plig van alle nasies om die voorsiening van die almagtige God te erken, om Sy wil te gehoorsaam, om dankbaar te wees vir die voordele wat Hy ons bied en om nederig vir Sy beskerming en guns te smeek" ("*Thanksgiving Proclamation, 3 October 1789," Archives.gov*). Die V.S. vier sedert 1942 Dankseggingsdag op die vierde Donderdag van November, in navolging van president Franklin Delano Roosevelt se opdrag om daardie datum vas te stel. Kanadese vier hulle Dankseggingsdag op die tweede Maandag van Oktober.

Oorspronklik was Dankseggingsdag ingestel as 'n tyd om ons innige dank aan God te betuig. Erken ons egter werklik vir God as ons Voorsiener of maak ons staat op ons persoonlike besittings en krag vir veiligheid? Dankseggingsdag is 'n goeie tyd om na te dink oor ons seëninge, ons doel en ons toekoms, individueel asook nasionaal.

Tog het God aan ons 'n *ander* dag gegee waarop ons Hom kan bedank en oor ons seëninge kan nadink.

**'n Weeklikse vakansiedag?**

Die Vierde Gebod sê aan God se volk om die sewende dag van die week Heilig te hou.

> "Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; *dan* mag jy géén werk doen nie – jy of jou seun of jou dogter *of* jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig" (Exodus 20:8-11).

God het die sewende-dag Sabbat tydens die skepping afgesonder. Dit is waarom ons beveel word "Gedenk die sabbatdag". Behoort Nuwe-Testamentiese Christene egter daardie dag as hulle weeklikse aanbiddingsdag te beskou? Indien u nog nie die artikel in die *Wêreld van Môre*-tydskrif van Julie – Augustus 2021 gelees het nie, kan u dit gerus doen: "Wie het die Sabbat na Sondag verander?"

Eenvoudig gestel, geen mens kan die dag wat God vir aanbidding uitgekies het verander nie. Dit was die Roomse kerk wat Sondag-aanbidding verpligtend verklaar het. Dit was eers in die vierde eeu n.C. dat die Romeinse keiser Konstantyn, Sondag-aanbidding regdeur die hele Romeinse Ryk afgedwing het. As eertydse amptelike aanbidder van *Sol Invictus* (Onoorwonne Son) het hy in 321 n.C. die volgende verordening uitgevaardig: "Laat alle landdroste en mense van die stad en almal wat as ambagsmanne werk, op die eerbiedwaardige dag van die son rus" (*The New Schaff-Herzog Encyclopedia of Religious Knowledge, 1911, vol. 11*, bl. 147). Deur dit te doen het Konstantyn 'n gebruik afgedwing wat vreemd was vir Jesus Christus en Sy eerste-eeuse Kerk.

Met betrekking tot die onderwerp van "Sondag", gee die *Katolieke Ensiklopedie* toe dat "Tertullianus (202 [n.C.]) die eerste skrywer was wat spesifiek melding gemaak het van die Sondagsrus. 'Ons behoort egter (netsoos die tradisie ons geleer het), op die dag van die Opstanding van die Here, te waak daarteen om nie net neer te kniel nie, maar ook teen elke liggaamshouding en amp; en selfs om ons besighede uit te stel, sodat ons nie 'n plek aan die duiwel kan gee nie'" (1912, vol. 14, bl. 335). Dit was eers in 202 n.C., meer as 170

jaar ná die begin van die Nuwe-Testamentiese Kerk!

Ja, die Roomse kerk het op so 'n verandering aangedring! In die middel van die vierde eeu n.C. het die Raad van Laodicéa verklaar: “Christene sal nie verjoods en ledig wees op Saterdag nie, maar sal werk op daardie dag; maar die dag van die Here sal hulle spesiaal eer en omdat hulle Christene is, sal hulle, indien moontlik, op daardie dag géén werk doen nie. Indien daar egter gevind word dat hulle verjoods sal hulle van Christus uitgesluit word” (*A History of the Councils of the Church, 1876*, deel 2, bl. 316). Met ander woorde, Christelike Sabbatsonderhouers wat voortgegaan het om die persoonlike voorbeeld van Jesus Christus en Sy oorspronklike dissipels te volg, was as ketters verklaar en was uitgesluit van die kerklike gemeenskap van Christus.

Op watter gesag het die Roomse kerk so 'n verandering aangebring? In 1876 het die bekende Katolieke teoloog James Cardinal Gibbons dit gewaag om hierdie bekentenis te maak deur te skryf: “U mag die Bybel van Génesis tot Openbaring lees en u sal nie 'n enkele reël vind wat die heiliging van Sondag magtig nie. Die Skrif dwing die godsdienstige onderhouding van Saterdag af – 'n dag wat ons nooit heilig nie” (*The Faith of Our Fathers, 1917*, bl. 97).

Met ander woorde, Gibbons sê dat indien die Bybel u gesag is, het u *geen* basis om Sondag te onderhou nie. Hy meld dat die Skrif “die godsdienstige onderhouding van Saterdag afdwing”. Ons stem saam met hierdie stelling. Stem u saam? Die Roomse kerk het hulleself die gesag aangematig om God se Heilige Dag van Saterdag na Sondag te verskuif! As Christene word ons egter in die Skrif aangesê om *Christus* en die Apostels te volg net soos *hulle* Christus gevolg het. Sal u dus doen wat Jesus gedoen het? Sal u Sy voorbeeld volg as “Here ook van die Sabbat” (Markus 2:28)?

**Jaarlikse Heilige Dae**

Jesus het nie net die sewendedag Sabbat getrou onderhou nie, maar ook die sewe jaarlikse Heilige Dae wat God die Vader vir almal in Sy volk bepaal het. Hierdie jaarlikse Heilige Dae was ook deur die vroeë Nuwe-Testamentiese Kerk onderhou. Die Bybel wys ons nie daarop dat Jesus of Sy dissipels die feeste van vreemde nasies nagevolg het nie, maar wel dat hulle die Heilige Dae, soos in Levítikus 23 aangeteken is onderhou het – die weeklikse Sabbat (vers 3) asook die jaarlikse Heilige Dae (verse 4-43).

Baie mense wat hulleself Christene noem, besef nie dat die apostel Paulus die nie-Joodse Christene beveel het om die Dae van Ongesuurde brode te onderhou nie – die jaarlikse Fees wat dirék na die jaarlikse Pasga-onderhouding plaasvind – wat Jesus ook gehou het, net soos die Christene vandag behoort te doen. Paulus het beveel: “Laat ons dan feesvier, [van die ongesuurde brode] nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid” (1 Korinthiërs 5:8). Die tweede hoofstuk van die boek Handelinge toon aan dat die dissipels ná Jesus se dood en opstanding steeds die Heilige Pinksterdag onderhou het. Nóg 'n bevestiging dat Jesus die jaarlikse Heilige Dae onderhou het, word gevind in Johannes 7, waar Jesus aan Sy broers gesê het om na Jerusalem op te gaan vir die Huttefees (vers 8) en kort daarna Sélf ook gegaan het (vers 14).

**Kan u Christus in Kersfees vind?**

Ons verbly ons in die opstanding van ons Verlosser, Jesus Christus. Ons is verheug oor die vervulling van Bybelse profesieë ten opsigte van die geboorte van die Messias, wat in die Evangelies opgeteken is, die eerste vier boeke van die Nuwe Testament. Vier die “Kersfees”-vakansiedag egter daardie wonderlike gebeurtenis akkuraat? Enige betroubare geskiedskrywer sal sê: *Nee!* Hou eerder in gedagte wat die *Encyclopaedia Britannica* se artikel “Saturnus” aan ons vertel omtrent die rol van die voor-Christelike Saturnalieë, wat ...

> ... die heel gewildste van die Romeinse feeste geword het. Die invloed daarvan duur steeds in die Westerse wêreld

voort. Dit is oorspronklik op 17 Desember gevier, maar later is dit tot sewe dae verleng. Dit was die vrolikste fees van die jaar: Alle werk en besighede is gestaak; slawe het tydelike vryheid verkry om te sê en te doen wat hulle wou; sekere morele beperkings is tydelik opgehef en geskenke is vrylik uitgeruil. Die Saturnalieë het 'n direkte invloed op die feestelikhede van Kersfees en Nuwejaar (*Micropaedia*, 1974, deel 8, bl. 916).

Saturnus was nie die enigste god wat deur die Romeine aanbid was nie. Hulle het ook die songod Mithras aanbid en vereer as beskermheer van die Romeinse Ryk. U kan dit vind in die *Encyclopaedia Britannica se* artikel oor "*Mithraism*" (*Britannica.com*, 5 Februarie 2020). Die Romeine het die *geboorte* van die songod gevier – maar wanneer? Lees dit ook in die *Encyclopaedia Britannica*: "25 Desember – die geboortedag van Mithras, die Iranse god van lig en 'n dag wat aan die onoorwinlike son gewy was asook die dag ná die Saturnalia – is deur die kerk as Kersfees, die geboorte van Christus aangeneem" ("*Feast,*" *Britannica.com*, 7 Februarie 2019).

In die vierde eeu n.C. het die Roomse kerk met die heidense feeste en gebruike van die Saturnalia asook die aanbidding van Mithras op 25 Desember meegeding. Die kerk het probeer om bekeerlinge te werf deur 'n heidense fees te "verchristelik" en het wel daarin geslaag. Lees ook hierdie gedeelte uit die *Encyclopaedia Britannica*:

> Christendom ... was die godsdiens wat in die Romeinse wêreld geheers het. Dit het keiser Konstantyn se impulsiewe drang na goddelike ondersteuning bevredig. Vanaf 312 n.C. en verderaan het dit, deur 'n ingewikkelde en geleidelike proses, die amptelike godsdiens van die ryk geword ... Vir 'n tyd lank is daar voortgegaan deur muntstukke en monumente om Christelike leerstellings te verbind met die aanbidding van die son, waaraan Konstantyn voorheen verslaaf was. Selfs toe hierdie fase tot 'n einde gekom het, het die Romeinse heidendom steeds voortgegaan om ander permanente invloede, groot en klein, uit te oefen ... Die kerklike kalender handhaaf steeds talle oorblyfsels van voor-Christelike feeste – veral Kersfees, wat elemente vermeng wat die fees van Saturnalieë en die verjaardag van Mithras insluit ("*Roman religion,*" *Britannica.com*, 2 Mei 2016).

Ja, die geskiedenis bevestig dat die *Romeinse heidendom* die kerklike kalender, veral Kersfees, gevorm het. Hierdie kompromie wat lank gelede met die heidendom aangegaan is duur vandag nog voort onder honderde miljoene aanbidders!

**Konyne wat eiers lê?**

Die viering van Paassondag verskil regoor die wêreld. Daar is egter geen onderhouding van Paasfees in u Bybel nie en Jesus het op die *sewende* dag van die week uit die dood opgestaan, nié op die eerste dag nie! Ons weet dat Jesus drie dae en drie nagte – 72 uur – in die graf deurgebring het. Hy het dit Self voorspel en hierdie *teken van Jona* was die enigste *bewys van Sy Messiasskap* wat Hy vooraf aan Sy teëstanders gegee het!

> "TOE spreek sommige van die skrifgeleerdes en Fariseërs en sê: Meester, ons wil graag 'n teken van U sien. Maar Hy antwoord en sê vir hulle: 'n Slegte en owerspelige geslag soek na 'n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona. Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in

die hart van die aarde wees" (Matthéüs 12:38-40).

Daar is geen manier om 'n "Goeie Vrydag"-kruisiging en Sondagopstanding te laat ooreenstem met die 72-uur lange "teken van die profeet Jona" wat Jesus gegee het nie. In werklikheid is dit nie nodig nie! Ons Verlosser is gekruisig op 'n dag voor 'n Sabbat, maar dit was op die Woensdag voor 'n *jaarlikse* Sabbat, die eerste dag van Ongesuurde Brode en nié die dag voor die weeklikse sewende-dag Sabbat nie! Ons lees: "En dat die liggame nie op die sabbat aan die kruis sou bly nie, aangesien dit die voorbereiding was – want die dag van daardie sabbat was groot – het die Jode Pilatus gevra dat hulle bene gebreek en hulle weggeneem moes word" (Johannes 19:31). Die term, "die dag van daardie sabbat was groot", dui op 'n *jaarlikse Sabbat* wat verskil van die weeklikse sewende-dag Sabbat en ons weet dat in 31 n.C., die eerste dag van Ongesuurde Brode op 'n Woensdag met sononder begin het.

Daarna, op die Sondag, wat het Maria gesien toe sy by Jesus se graf gekom het?

> "EN op die eerste dag van die week kom Maria Magdaléna vroeg, terwyl dit nog donker was, by die graf en sien dat die steen van die graf weggeneem was. Sy hardloop toe en kom by Simon Petrus en by die ander dissipel vir wie Jesus liefgehad het, en sê vir hulle: Hulle het die Here uit die graf weggeneem, en ons weet nie waar hulle Hom neergelê het nie" (Johannes 20:1-2).

Let daarop dat dit op die Sondagoggend nog donker was en Jesus was reeds uit die graf gewees! Volgens u Bybel is Hy nie gedurende die oggend van "Paassondag" opgewek nie!

Om sake te vererger, is baie gebruike en simbole rondom hierdie versinde, onbybelse viering direk uit die heidense rituele geneem! Wat het hase en eiers met mekaar te doen? Niks nie, behalwe dat hulle albei vrugbaarheid voorstel – 'n algemene tema van heidense lentefeeste! Soos Gerald E. Weston in sy kragtige werk *Paasfees: die storie wat nie vertel is nie,* skryf:

> *Easter* (Paasfees) is niks anders as 'n ander spelling vir die Anglo-Saksiese godin *Eostre nie*, maar wat is die oorsprong van hierdie godin? Die *New World Encyclopedia* stel 'n verband voor tussen *Eostre* en *Easter* en die baie gewilde en antieke godin *Ishtar*: "Geleerdes spekuleer ook dat *Eostre*, die Anglo-Saksiese godin van die lente, wie se naam later verander is na die moderne Engelse '*Easter*', geskiedkundig gekoppel mag wees aan *Ishtar*" (artikel "*Ishtar*").
>
> Dit is interessant dat die Melkitiese Griekse Katolieke kerk die oorsprong van die naam *Easter* erken maar 'n effens ander spelling van *Ishtar gee*. Ons moderne Engelse woord "*Easter*" is afkomstig van Ou Engels en verwys oorspronklik na die Noorse godin van vrugbaarheid, Istra, wie deur 'n haas gesimboliseer word.

Waarom sou mense wat hulleself "Christelik" noem, die opstanding van Christus in die naam van 'n heidense godin vier? Selfs sommige Protestantse kerke erken die heidense verband tussen *Easter* (Paasfees) en die veronderstelde opstanding van Christus en vier nie meer Paassondag nie. Hulle noem dit nou "Opstandingsdag". Deur dit te doen, vermy hulle slegs 'n deel van die heidense afkoms, aangesien hulle nog steeds Christus se opstanding op die verkeerde dag herdenk, omdat Hy *nie* op 'n Sondag opgewek is nie!

**Maak dit saak?**

Die geskiedskrywer Will Durant het hierdie ontleding in sy werk *The Story of Civilization* gegee:

> Die Christendom het nie

die heidendom vernietig nie; dit het dit aangeneem. Die Griekse denkwyse, het tot 'n einde gekom maar, is oorgedra in die teologie en liturgie van die kerk. Die Griekse taal, wat vir eeue die filosofie oorheers het, het die dryfveer geword van die Christelike literatuur en rituele; die Griekse misteries is oorgedra na die indrukwekkende misterie van die mis. Ander heidense kulture het bygedra tot die sinkretistiese resultaat ... [ortodokse] Christendom was die laaste groot skepping van die antieke heidense wêreld" (1944, deel 3, *Caesar and Christ*, bl. 595).

Geagte Lesers, is u besig om heidense tradisies in die naam van Christelikheid te beoefen? Onthou Jesus se waarskuwing aan die Fariseërs en skrifgeleerdes in verband met sekere godsdienstige gebruike: "Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou" (Markus 7:9).

Sommige mense mag vra: *Watter verskil maak dit? Wat daarvan as daar 'n bietjie heidense gebruike in ons feesvierings is?* Die antwoord lê in 'n baie belangrike Bybelse beginsel, een waarvoor godsdienste, kerke en individue verantwoordelik gehou gaan word: "... neem jou dan in ag dat jy nie, agter hulle aan, verstrik word nadat hulle voor jou uit verdelg is nie, en dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? – dat ek ook so kan doen. So mag jy nie handel met die HERE jou God nie; want alles wat vir die HERE 'n gruwel is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen; want selfs hulle seuns en hulle dogters verbrand hulle met vuur vir hulle gode" (Deuteronómium 12:30-31).

Daar is nog 'n belangriker rede waarom God wil hê dat Christene Sy jaarlikse Heilige Dae onderhou. Hulle volg nie net die voorbeeld van hulle Verlosser en gehoorsaam God die Vader deur dit te doen nie, maar hulle onderhou ook 'n reeks dae wat *God se wonderlike plan van redding* vir die hele mensdom uitbeeld.

Die jaarlikse Heilige Dae, wat in Levítikus 23 voorkom, begin 'n dag ná die onderhouding van die Pasga op die veertiende dag van Nisan, die eerste maand in God se Heilige jaar. Dit is:

**Die Eerste en Laaste Dae van Ongesuurde Brode.** Word op 15 en 21 Nisan onderhou (28 Maart en 3 April in 2021). Hierdie Heilige Dae begin en eindig die jaarlikse Fees wat Christene herinner aan hulle doel om sonde uit hulle lewens te verwyder.

**Pinkster**. Word onderhou 50 dae ná die aanbieding van die "beweegoffer" (16 Mei in 2021). Hierdie dag beeld Christus uit wat 'n klein groepie "eerstelinge" wat geroep is in hierdie huidige tydvak, versamel om saam met Hom te regeer in die Millennium.

**Die Fees van Basuine**. Word onderhou op 1 Tishri (7 September in 2021). Dit stel die sewe basuinplae van die dag van die Here voor, met die laaste basuin wat die Wederkoms van Christus sal aankondig om God se Koninkryk op aarde te vestig asook die opstanding van die heiliges.

**Die Versoendag**. Word onderhou op 10 Tishri (16 September in 2021). Dit stel die einde voor van Satan se 6,000 jaar-lange heerskappy as die god van hierdie huidige tydperk.

**Die Huttefees**. Begin op 15 Tishri (21 September in 2021). Dit is die eerste dag van die Feestydperk

*Vervolg op bladsy 14*

# Behoort u die "Sondaar se Gebed" op te sê?

Deur Gerald E. Weston

Dit was 50 jaar gelede algemeen om in telefoonhokkies goedkoop traktaatjies te vind wat u uitnooi om die "Sondaar se Gebed" op te sê. (Ja, daar was regtig klein hokkies met betaaltelefone daarin!) Soms het 'n mens een van hierdie traktaatjies tussen jou voordeur en die deurkosyn gekry. U kon ook hoor hoe evangeliste oor die radio u uitdaag om u hande op die radio te plaas en die gebed agter hom aan te herhaal. Hierdie gebed is steeds gewild en selfs nou nog kan 'n mens dalk 'n kort advertensie van 'n televisie-evangelis sien wat die kykers aanmoedig om dit op te sê.

Wat presies is hierdie gebed? Is dit die weg tot redding? Wéét u? Het u dit al ooit gebid? Indien wel, is u nou gered? Baie mense *dink* hulle is, maar steek daar meer in Christelikheid as om 'n eenvoudige gebed te herhaal – selfs met groot opregtheid? Is redding so maklik? Is dit alles reeds vir u gedoen of vereis God iets meer van u?

Alhoewel daar variasies is, klink die gebed soos gewoonlik bewoord, so:

> Liewe Here Jesus, ek weet dat ek 'n sondaar is en ek vra U vir vergifnis. Ek glo dat U vir my sondes gesterf het en uit die dood opgestaan het. Ek draai my rug op my sondes en nooi U om in my hart en lewe in te kom. Ek wil U vertrou en volg as my Heer en Verlosser.

Voordat iemand dit nou verkeerd verstaan: Daar is tot 'n mate niks verkeerd met hierdie woorde nie indien dit reg verstaan word. *Dit is* egter *die probleem*: Verstaan die gemiddelde persoon wat na die radio luister, 'n kort advertensie op televisie sien, 'n goedkoop traktaatjie wat in 'n kruideniers-winkel uitgestal word of 'n herlewingsbyeenkoms besoek, werklik wat hierdie woorde beteken? *Verstaan ú?* Moenie te seker wees nie!

Dit is een ding om te sê: "Ek is 'n sondaar", maar 'n ander ding om die diepte te begryp wat dit beteken. Ek het eenmaal 'n ouer dame geken wat, toe sy graag gedoop wou word, verklaar het dat sy 'n sondaar is, maar sy kon regtig nie aan een enkele sonde dink wat sy ooit gepleeg het nie (dit is nie dat sy haar sondes aan enige mens moes bely nie). Sy het regtig geglo dat sy nog nooit gejok het nie, iemand gehaat het nie, nooit enigiets gesteel het wat aan 'n ander behoort nie, nie geskinder of 'n slegte gedagte gehad het nie. Sy het volgehou dat sy 'n *sondaar* sonder *sonde* is!

O, dat elkeen van ons so volmaak kon wees, – maar helaas, almal het gesondig (Romeine 3:23).

Kan die persoon wat hom aan drank vergryp of die persoon wat af en toe owerspel pleeg en na 'n maklike oplossing gryp vir sy of haar probleem, maar net die "Sondaarsgebed" opsê na 'n skuldbelaaide episode – met ander woorde maar net 'n paar woorde sê – en alles is weer reg?

Die Bybel het die ant-woorde. Om mee te begin, wat is sonde? Wat word bedoel met, "Ek keer my rug op my sondes"?

**Die dryfsand van moraliteit**

Baie mense dink dat hulle instinktief weet wat sonde is, aangesien sekere aksies tot skuldgevoelens lei. Bepaal die skuldgevoel egter sonde? Dit is waar, om in stryd met 'n mens se gewete op te tree, *is* sonde (Romeine 14:23), maar die gewete sélf definieer nie sonde nie. Op stuk van sake, nie almal se gewetes is dieselfde nie. Om sonde te definieer as teenstrydig met 'n mens se gewete, is om te sê dat dit aan die wispelturige gesindhede van die mensdom oorgelaat word om sonde te definieer! Kyk maar net na die tragiese geskiedenis van die mensdom en die wye verskei-

denheid van gedrag wat as "aanvaarbaar" beskou word en u sal die probleem wat daarmee gepaard gaan insien.

Selfs gedurende my leeftyd het sekere gedragspatrone wat voorheen afgekeur was, moreel aanvaarbaar geraak vir die meeste Amerikaners. Volgens 'n verslag van Barna Navorsing van Junie 2016 is "saamwoon nou die nuwe norm. Die verskuiwing van geslagsrolle en verwagtings, die uitstel van die huwelik en 'n toenemend wêreldse kultuur lei daartoe dat meer Amerikaanse volwassenes glo dat dit 'n goeie idee is om saam te bly voordat hulle die knoop deurhaak". Die verslag verduidelik verder:

> Die meerderheid van Amerikaanse volwassenes glo dat saamwoon oor die algemeen 'n goeie idee is. Tweederdes van die volwassenes (65%) glo tot 'n mindere of meerdere mate dat dit 'n goeie idee is om met 'n mens se besondere maat saam te woon voordat hulle trou, in vergeleke met eenderde (35%) wat net min of meer nie saamstem nie ("*Majority of Americans Now Believe in Cohabitation*," 24 Junie 2016).

Hierdie neiging om saam te woon voor die huwelik neem toe in baie geïndustrialiseerde lande. Sienswyses wissel aansienlik, maar volgens *Population Europe*:

> Die aantal paartjies wat saamwoon sonder om te trou neem toe ... Oekraïne, Litaue en Rusland toon die laagste voorkoms van saamwoon onder paartjies tussen ouderdomme 15 en 44 jaar, waar minder as 20% van hulle in 2010 saamgewoon het. Aan die ander kant is saamwoon meer algemeen in Swede en Estland, waar meer as die helfte van die paartjies onder die ouderdom van 44 jaar saamgewoon het ("*Living Together Without Getting Married*", *Population-Europe.eu*, geraadpleeg op 24 Augustus 2020).

Sonder 'n konkrete definisie van sonde, hoe kan enigiemand bely dat "ek op U wil vertrou en U *volg* as my Here en Verlosser"? Wat presies *is* die pad wat 'n mens behoort te volg? Is dit vir elkeen om self te besluit? Het die sondaar selfs oor hierdie belangrike vraag besin of volg hy sy eie instinkte soos dit deur populêre maar foutiewe konsepte beïnvloed word? Om te vra, "Wat sou Jesus doen"? is een ding. Om te *weet* wat Jesus sou doen, is 'n ander saak.

Die woord *Here* word rondgeslinger deur diegene wat Christus as hulle Verlosser bely, maar wat beteken hierdie woord? In die Nuwe Testament is *Here (Lord)* byna altyd uit die Griekse woord *kurios* vertaal en dit beteken "Meester" of "Iemand wat die hoogste gesag het". Verstaan die sondaar dat hy in sy aanhef, "Liewe Here Jesus", sê dat dit nie meer hy self is nie, maar daardie *Hoër Gesag* is wat reg en verkeerd bepaal? Dit mag dalk eenvoudig genoeg klink, maar is dit? Soos ons reeds gesien het, handhaaf die meeste mense in die geïndustrialiseerde wêreld 'n standaard van moraliteit wat verskil van dié van die Een wat baie mense *Here* noem (1 Korinthiërs 6:9). Wie besluit dus wat sonde is – die gewete van elke individu wat gelei word deur die samelewing rondom hom of die Een wat hy as Here bely?

Die gemiddelde mens dink waarskynlik aan sonde as moord, dronkenskap, owerspel, verlustiging aan pornografie en steel. Al hierdie dinge is sonde, maar selfs pornografie word nie meer algemeen in ons postmoderne wêreld veroordeel waar "u waarheid miskien nie my waarheid is nie". Dit sal goed wees indien die man wat hom dronk drink of die vrou wat ontrou aan haar man is, 'n opregte gebed bid, om ware vergifnis te vra en *op te hou* met daardie gedrag, maar daar is veel meer aan hierdie onderwerp verbonde as wat 'n mens mag dink. Dit is uiters belangrik dat ons nie ons persoonlike opvattings ten opsigte van sonde vertrou nie. Ons moet verstaan *waarom* Jesus "vir my sondes gesterf het" – wat beteken dat ons die

Bybel se definisie van sonde moet verstaan.

**Die bepaling van sonde**

Die Bybelse definisie van sonde word in 1 Johannes 3:4 gevind: "Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid. van God. *Sonde is immers die oortreding van die wet van God*" (Nuwe Vertaling). *The New Bible Commentary: Revised* lewer 'n treffende opmerking oor hierdie belangrike vers:

> Dit lyk asof die valse leraars van mening is dat kennis die belangrikste is en dat gedrag nie saak maak nie. Johannes benadruk dat sonde 'n bewys van 'n verkeerde verhouding met God is. Hy sê dus aan ons dat *sonde wetteloosheid* is. Die Griekse woordbou impliseer dat die twee [sonde en die oortreding van die wet] uitruilbaar is. Die betrokke wet is natuurlik die Wet van God. Die kern van sonde is dus miskenning van God se Wet (*red. Donald Guthrie, et al*., 1970, bl. 1265).

Daardie definisie klink reëlreg op die man af – ja, dit is. Wat is egter die implikasies daarvan? Hoeveel mense wat die "Sondaarsgebed" opsê, weet in detail wat die Wet van God sê? Hoeveel mense het die Tien Gebooie gememoriseer, selfs die verkorte weergawe daarvan? Hoeveel van die Tien Gebooie kan u persoonlik opnoem? Weet u waar dit in die Skrif voorkom? Kan 'n mens homself regtig "distansieer" van sy sondes – met ander woorde van die oortreding van God se Wet – indien hy nie eers weet wat daardie Wet sê nie?

Gestel nou maar u kan vyf van die Tien Gebooie opnoem of miskien selfs nege van die tien. Dit is redelik goed – of is dit? Jakobus sê vir ons: "Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword. Want Hy wat gesê het: Jy mag nie egbreek nie, het ook gesê: Jy mag nie doodslaan nie. As jy nou nie egbreek nie, maar doodslaan, het jy 'n oortreder van die wet geword." Gee ook aandag aan die volgende vers wat net so belangrik is: "Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word" (Jakobus 2:10-12). Ja, God gaan ons volgens die standaard van die Tien Gebooie oordeel, wat Hy deur Jakobus, "die wet van vryheid", noem. Is onderhouding van nege van die Tien Gebooie dus goed genoeg?

Onderhouding van die Gebooie, ontken of weerspreek geensins die genade nie. Dink daaroor: Waarom het ons genade nodig? Is dit nie omdat ons almal tekort geskiet het nie (Romeine 3:23)? Ons het *almal* gesondig en soos ons reeds gesien het, is sonde die oortreding van die Wet. Die straf vir die oortreding van die Wet is die dood (Romeine 6:23) en Christus het gesterf om daardie boete vir ons te betaal. Beteken dit egter dat God se genade ons nou vrystel om die Wet te oortree (Romeine 6:14-16)? Indien wel, watter van die Gebooie mag ons verbreek? Sal ons 'n ander god voor die ware God hê of sal ons doodslaan, egbreuk pleeg, steel of valse getuienis lewer? Indien ons bloot nét die "Sondaarsgebed" opsê, is dit dan in orde om hierdie Gebooie te oortree? Het Christus beplan dat ons kan voortgaan en die dinge doen waarvoor Hy moes sterf?

Sommige mense beweer dat dit swaar is om die Wet te onderhou. U het dalk al gehoor dat iemand dit sê. Wat sê die Skrif? "Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie" (1 Johannes 5:3).

Wanneer 'n mens na die Tien Gebooie kyk, lyk dit redelik eenvoudig. Dit is wat die kinders van Israel gedink het toe hulle uit Egipte getrek het. Net soos die sondaar wat die "Sondaarsgebed" herhaal, beweer dat hy alles sal doen wat God beveel sonder om alles te verstaan wat van hom verwag word, was die kinders van Israel gretig om te bely dat hulle alles sou doen wat God hulle beveel. "Toe antwoord die hele volk eenparig en sê: Alles wat die HERE gespreek het, sal ons doen" (Exodus 19:8). Het hulle dit egter gedoen? Die antwoord is 'n uitdruklike *Nee!*

**Twee Gebooie saamgevoeg**

Vier van die Tien Gebooie word in tien of minder woorde gegee:

"Jy mag nie doodslaan nie" en "Jy mag nie egbreek nie" en "Jy mag nie steel nie" en "Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie" (Exodus 20:13-16). Twee ander Gebooie is opvallend omdat daar op hulle uitgebrei is en baie meer woorde bevat ter verduideliking.

Die eerste Gebod begin met hierdie identifikasie: "Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het." Dit word gevolg deur die direkte opdrag wat baie Sondagskoolkinders kan herhaal: "Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie" (verse 2-3).

Byna almal stem saam dat dit die eerste Gebod is, maar nie almal is dit eens oor watter Gebod die tweede een is nie. Dit mag sommige van u verbaas om te verneem dat die grootste "Christelike" denominasie in die wêreld die volgende drie verse as deel van die eerste Gebod saamvat. Die meeste Protestantse denominasies verskil tereg daaroor en beskou daardie verse as die tweede Gebod:

> "Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou" (Exodus 20:4-6).

Waarom kombineer sommige denominasies hierdie woorde met "Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie." Op die oog af lyk dit asof dit dieselfde sê, maar hulle sê nié dieselfde nie. Die tweede opdrag is om aan ons te sê dat ons selfs in die aanbidding van die ware God nie ikone of beelde mag gebruik wat veronderstel is om Hom voor te stel nie.

Aangesien min mense vertroud is met die volledige weergawe van die Gebooie, vind hulle dit maklik om die verkorte vorm van die eerste Gebod op te noem en na die derde Gebod oor te gaan. Hierdie samevoeging van die eerste twee Gebooie *verwerp dan effektiewelik die tweede een*. Is dit nie vreemd dat kerkgenootskappe wat die eerste en die tweede Gebod kombineer, voor standbeelde bid wat lyk soos wat hulle dink Jesus moes gelyk het nie of beelde en prente wat veronderstel is om Sy moeder en verskillende "heiliges" voor te stel nie?

Hoe weet ons dat dit nie alles één Gebod is nie? Indien dit so was, sou ons net nege gebooie hê, nie tien nie – God maak dit duidelik dat daar *tien* is (Exodus 34:28; Deuteronómium 4:13; 10:4). Om by tien Gebooie uit te kom, moet diegene wat die eerste twee Gebooie saamvoeg, die tiende Gebod kunsmatig in twee verdeel: "Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie" (Exodus 20:17). Die enigste ander plek in die Skrif waarin al tien Gebooie saamgevat is, plaas die bepalings oor "huis" en "vrou" in *omgekeerde* volgorde (Deuteronómium 5:21). God het dit so geïnspireer dat die laaste Gebod op twee verskillende maniere neergeskryf word, want die tiende Gebod verbied die begeerte na "iets wat van jou naaste is nie" (Exodus 20:17; Deuteronómium 5:21). Die apostel Paulus het verstaan dat 'n *enkele* Gebod ons verbied om te begeer (Romeine 7:7).

**Die mees verwerpte Gebod**

Die tweede Gebod, die een wat afgodediens verbied, is die eerste een waarop noemenswaardig uitgebrei word. 'n Ander Gebod wat op dieselfde manier behandel word, is die vierde Gebod:

> "Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; *dan* mag jy géén werk doen nie – jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde

gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig" (Exodus 20:8-11).

Die tweede en die vierde Gebod, wat die gebruik van beelde verbied en die onderhouding van die sewende-dag Sabbat beveel, is langer as die ander agt saam. Waarom?

Die antwoord kan gevind word in die geskiedenis van Israel en van die hoofstroom Christendom. Die profeet Eségiël het 'n weergawe van Israel se verlede gegee en vertel hoe die volk telkens teen God in opstand gekom het – die twee Gebooie wat hulle die meeste oortree het, was die verbod teen afgodediens en die oortreding van die Sabbat (Eségiël 20). Binne die hoofstroom Christendom word daar min debat gevoer of dit sonde is om moord of egbreuk te pleeg of te steel; maar daar word *baie* gedebatteer oor die twee Gebooie wat die volledigste deur God verduidelik is. Wanneer Hy hulle beveel het om nie voor afgode te buig nie, het Hy gesorg dat daar geen skuiwergate is nie. Protestante wat neersien op Katolieke en ander denominasies vanweë hulle gebruik van beelde, het u dalk 'n prent van 'n valse Christus in u huis (2 Korinthiërs 11:4)?

Wanneer God gesê het dat ons die sewende-dag Sabbat moet onthou en dit heilig hou, het Hy gesorg dat daar ook géén skuiwergate is nie. Dit beteken nie dat daar geen "kalf in die put"-situasies is nie of dat ons die verregaande en onbybelse benadering tot die Sabbat moet volg soos wat die Fariseërs gedoen het nie – Christus het dit duidelik gemaak (Lukas 13:10-16). Hy het egter nooit met die Sabbat weggedoen of die dag van die sewende na 'n ander dag van die week verander nie. Dit was deur die Romeinse keiser Konstantyn in die vierde eeu n.C. gedoen en sy onbybelse verandering word tot vandag toe deur die oorgrote meerderheid van die belydende Christendom gevolg. Jesus het nooit gesê dat Hy die Here van die Sondag is nie, maar die Skrif meld drie keer dat Hy gesê het dat Hy die Here van die Sabbat is (Matthéüs 12:8; Markus 2:27-28; Lukas 6:5). Lees gerus ons Julie-Augustus 2021 artikel, "*Wie het die Sabbat na Sondag verander?*" vir meer inligting oor die ware en die valse Sabbat.

Afgodediens beperk en verdraai 'n mens se persepsie van wie en wat God is. Dit verlaag die Groot en Almagtige Skepper van alle dinge tot iets wat van verf, hout, klip, metaal of selfs goedkoop plastiek gemaak is – hoe kosbaar die materiaal ook al is, dit is waardeloos. "*Maar dit herinner my net aan God"!* Tog is dit presies wat God verbied, omdat dit 'n mens aan 'n *valse* god herinner. Die groot God van die skepping kan nie verstaan word deur iets wat deur die mens se nietige menslike hande gemaak is nie. God sê nie net dat ons geen ander gode voor Sy aangesig mag hê nie – deur die tweede Gebod sê Hy aan ons dat wanneer ons God aanbid, ons nie nietige voorstellings van Hom sal gebruik nie! Wanneer mense begin om God te *beperk,* verloor hulle uit die oog oor wie Hy werklik is.

Die Sabbatsgebod herinner ons aan God as die Skepper en verwys na 'n toekomstige duisendjarige Sabbatsrus. God het geweet dat dit vir die mensdom nodig is om een dag van die sewe dae af te sonder om op hulle verhouding met hulle Skepper te fokus. Om verwarring uit te skakel, het *Hy* die voorbeeld gestel deur op die sewende dag te rus en beveel ons om dieselfde te doen – nie sommer op enige dag nie, maar op dieselfde *sewende* dag.

Die dronkaard of egbreker mag sy of haar behoefte erken om 'n "Sondaarsgebed" *op te sê*, maar besef enigeen van hulle dat om om te draai en 'n ander rigting in te slaan, *ook beteken* om weg te draai van 'n valse Christendom wat die Wette van God probeer verander het (Daniël 7:25) en wat die "genade" effektief verander het in 'n verskoning om God se Wet te oortree (Judas: 4)?

**Die prys van dissipelskap**

Die ware Christendom hou veel meer in as wat die meeste mense besef. Let op hierdie woorde van Jesus: "Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie" (Matthéüs 10:37).

Christus maak dit duidelik dat sulke individue *nie* Sy dissipels *kan* wees nie (Lukas 14:26). Sy dissipels moet Hom eerste stel in hulle harte en lewens.

Dit is altyd goed om te erken dat Jesus die Here is, dat ons sondaars is, dat ons sondes vergewe kan word en dat Hy Sy lewe gegee het om vir ons sondes te betaal. Dit verg egter meer as 'n eenvoudige gebed, indien ons regtig wil regstel waar ons tekort skiet. Ons moet weet wat hierdie frases *beteken* en ons moet Christus waarlik *volg* as ons Meester – 'n taak wat slegs ten volle met die hulp van die Heilige Gees uitgevoer kan word, wat God gee "aan die wat Hom gehoorsaam is" (Handelinge 5:32). Dit behels 'n radikale verandering van lewenswyse, asook 'n verandering in hoe ons Hom aanbid. Soos Jesus die mense van Sy tyd bestraf het: "En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?" (Lukas 6:46), so moet ons die mense van ons tyd teregwys wat Jesus as hulle Here, Verlosser en Meester bely, maar Hom nie gehoorsaam nie. WvM


## Twaalf Sleutels tot Verhoorde Gebed

***Waarom verhoor God die meeste mense se gebede nie?***

***Weet u hoe om op sodanige wyse te bid dat u ware resultate sal kry?***

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vrae te kry!


***Vervolg vanaf bladsy 8 – Vakansiedae of Heilige Dae?***

van sewe dae wat Christus se duisendjarige heerskappy simboliseer, die duisendjarige periode waarin die hele wêreld geroep sal word om God se lewenswyse te leer ken en uit te leef.

**Die Laaste Groot Dag**. Word onderhou op 22 Tishri (28 September in 2021). Dit stel die groot Wit Troon oordeel voor (Openbaring 20:11-13), die tyd wanneer die miljarde mense wat geleef en gesterf het sonder om ooit die geleentheid te hê om die ware boodskap van Jesus Christus te hoor [of te verstaan] – dit sluit baie mense in wat nooit eens Sy Naam gehoor het nie – wat dan uiteindelik hulle geleentheid tot redding sal hê.

(Let daarop dat die dae van die Gregoriaanse kalender om middernag begin, maar dat die dae van God se kalender met sononder begin. God se Heilige Dae begin elkeen teen sononder op die aand vóór die dag soos in die Gregoriaanse kalender.)

Die jaarlikse Heilige Dae is 'n tydperk wat ryk aan betekenis is vir volgelinge van Jesus Christus. Indien u dit nog nie gedoen het nie, lees gerus [of lees weer] ons boekie *Die Heilige Dae – God se meesterplan*. U kan dit aanlyn lees by *wvm.org* of 'n gratis gedrukte eksemplaar aanvra by u naaste streekkantoor waarvan die inligting op bladsy 2 van hierdie tydskrif gevind kan word.

Ja, God se jaarlikse Heilige Dae is vol betekenis en waarheid – waardes wat ons nie aantref in die mensgemaakte Kersfees- en Paastradisies nie. Watter dae sal u dus onderhou – die mensdom se uitgedinkte, heidense, vervalste godsdienstige dae van aanbidding of God se eie weeklikse en jaarlikse Heilige Dae – dieselfde dae wat deur Jesus Christus, die Apostels en Sy getroue dissipels reeds vanaf die eerste eeu tot vandag toe onderhou is? Ons by die *Wêreld van Môre* bid dat u die regte keuse sal maak! WvM

# Wanneer kinders die kennis van die Skepper ontsê word

Deur J. Davy Crockett III

***Verwyder een deurslaggewende element en die samelewing val uitmekaar***

'n Oupa het my een keer van 'n ervaring wat hy met sy tienjarige kleinseun gehad het vertel. Oupa het die seun gevra: "Wat leer julle deesdae op skool?" waarop sy kleinseun geantwoord het: "Het Oupa geweet dat daar suur in 'n mens se maag is, maar dat dit nie 'n gat daarin vreet nie?" Oupa het vir hom gesê, "Ja, dit is wonderlik! Dit is hoe God ons as mense gemaak het". Hy was ontsteld toe die kleinseun antwoord: "Oupa, ons doen nie die Godsdiensding by ons huis nie!"

En dit was waar. Geen bewustheid van God was ingesluit by die opvoeding van hierdie seuntjie of van sy broers en susters nie.

Slaan 'n paar jaar oor na vandag se strate in soveel stede regoor die wêreld waar ontsaglike groot skade aan eiendomme aangerig word, terwyl plundering en bloedvergieting hoogty vier, is dit duidelik dat groot dele van die mensdom opgegroei het sonder om enige kennis van Godsdiens op te doen. Gebrek aan eerbied vir God lei onvermydelik tot 'n gebrek aan respek vir diegene wat na Sy beeld geskape is. Dit het tot gevolg dat, onder baie ander betreurenswaardige dade, onwelvoeglike taal gebruik word teenoor diegene in gesag en kras slagspreuke gespuitverf word op geboue en monumente. Sulke haat openbaar 'n algehele miskenning, nie net van die eiendom van ander mense nie, maar selfs ook vir hulle lewens.

Dit was alles so voorspelbaar. 'n Geslag wat die noodsaaklikheid van 'n twee-ouer huishouding ignoreer, beywer hulle vir selftevredenheid, verneder diegene wat dit waag om te dissiplineer en verkleineer hoë standaarde van persoonlike gedrag. Hulle leer hulle kinders daadwerklik om deel te neem aan geweld, om vuil taal te gebruik en keur seksuele losbandigheid goed. Hulle kweek op dié manier 'n kultuur wat deur morele verrotting verteer word.

**Wat ons kinders behoort te weet**

In antieke tye het God die standaarde geopenbaar van wat reg en verkeerd is. Hierdie tien basiese reëls vir menslike gedrag word in Exodus 20:1-17 en Deuteronómium 5:6-21 gevind. Nadat Hy hierdie reëls baie duidelik gemaak het, het God 'n ontsaglike verantwoordelikheid aan alle ouers gegee:

> "En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees, en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor praat as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan" (Deuteronómium 6:6-8).

Dit dek bykans alle menslike aktiwiteite wanneer ouers daaglikse roetines gebruik om hulle kinders te leer hoe om konsekwent aan God gehoorsaam te wees om hulle sodoende voor te berei vir 'n geestelik oorvloedige en vervullende lewe. Salomo het geskryf: "Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie" (Spreuke 22:6).

Daar was tye wat die Israeliete hulle Skepper gehoorsaam het en as gevolg daarvan was hulle met vrede en voorspoed geseën. Hulle was egter meer dikwels nie gehoorsaam nie en moes die gevolge daarvan ly. Deur die eeue heen was daar enkele persone wat volgehou het om hierdie lewenswyses te volg. In die eerste eeu n.C. het Jesus van Násaret, God in die vlees, die geldigheid van Sy Wette herbevestig: "As julle My liefhet, bewaar my gebooie" (Johannes 14:15).

In 'n vroeëre tyd het Dawid van Israel – 'n herder, digter, musikant en koning – geskryf: "Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God nie" (Psalm 14:1). Dawid het dit duidelik gemaak dat 'n mens geen verskoning het om die bestaan van God te ontken nie. "Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande. Die een dag stort vir die ander 'n boodskap uit, en die een nag kondig vir die ander kennis aan: daar is geen spraak en daar is geen woorde nie – onhoorbaar is hulle stem" (Psalm 19:2-4).

Die belangrikheid daarvan om die volgende geslag te leer en op te lei, word in die Nuwe Testament herbevestig. In sy brief aan die gemeente in Éfese beveel die apostel Paulus die vaders aangaande hulle kinders, "voed hulle op in die tug en vermaning van die Here" (Efésiërs 6:4).

Gryp die geleentheid aan en leer u kinders van die Skepper-God en Sy reëls vir die mensdom. In die Koninkryk van God – wat ingelui sal word met Christus se Wederkoms wat op hande is – sal dit regoor die wêreld gedoen word en alle geweld, vernietiging en ellende sal uitgewis word. Mag God daardie dag bespoedig! WvM

# Die kuur vir politiek

## Deur Wallace G. Smith

***Die politieke gesprekke van vandag is 'n kanker wat besig is om ons samelewing te vernietig. Kan dit reggestel word?***

Teen die tyd dat baie van u hierdie artikel lees, sal Verkiesingsdag in die Verenigde State verby wees. Ons sal weet of president Donald Trump herkies is en of die voormalige vise-president Joe Biden as president verkies is.

*Of sal ons?* 'n Skokkende aantal waarnemers het beweer dat die nasie ryp is vir 'n nagmerrie-scenario waartydens 3 November 2020 sal kom en gaan met Amerikaners wat onseker is oor wie regtig gewen het. Die tydskrif *Economist* het dit "*America's Ugly Election*" genoem en opgemerk: "Baie Amerikaners is bekommerd dat November 2020 nie 'n gladde oorgang van demokrasie kan wees nie, maar 'n gewelddadige onenigheid en 'n grondwetlike krisis" (3 September 2020).

Wat die resultaat ookal mag wees, daar rus een vloek op ons wêreld wat 'nie deur 'n president reggestel kan word nie: politiekery. Dit geld nie net in die VS nie, maar ook in al die nasies van hierdie wêreld. Verkiesings kom en gaan, maar politiekery duur voort. Tog *is* daar 'n oplossing. U Bybel het lank gelede die koms van ons moeitevolle dae van teëspoed voorspel en ons gewaarsku oor die gevare wat voorlê wanneer ons die einde van hierdie era nader. Ongelukkig sal die vloek van politiekery vererger, wat ongekende verwoesting sal meebring wat net deur Jesus Christus se Wederkoms reggestel sal kan word. Tog sê Hy aan ons dat ons nie vir Sy Wederkoms hoef te wag nie. God is nou besig om 'n handjievol mense te roep, selfs te midde van ons wêreld se vele probleme, om die seëninge van daardie raat *vandag* te kan ervaar, jare voor die res van ons wêreld.

**Wen – ten alle koste**

Dit het absoluut afskuwelik geword, het dit nie? Negatiewe advertensieveldtogte, venynige persoonlike aanvalle, kinderagtige "twiets" en sosiale mediaplasings, wedywerende "onbevooroordeelde" nuuslesers wat hulle gunsteling kandidate bevoordeel – dit lyk of daar geen uitkoms is nie. Dit lyk asof diegene wat 'n amp wil beklee, enige skyn van fatsoenlikheid of waardigheid laat vaar en bereid is om teen byna elke prys hulle verlangde posisie te verwerf. Geen gerug oor 'n teenstander kan té onbehoorlik of vergesog wees om te herhaal (of uit te dink) nie en geen belediging is té vernederend om rond te slinger nie. Die politieke haatdraendheid het versprei na elke vorm van die media – televisie, radio, die internet en verder. Moenie verwag om binnekort 'n politiekvrye sone te vind nie.

Dit is net die begin van van die verkiesingsveldtog – wat al hoe meer lyk asof dit nie gaan eindig nie. Selfs ná 'n verkiesing gaan die politiek voort: Toesprake wat teenstanders as vyande uitkryt, perskonferensies gevul met skinderstories en laster, beloftes wat kiesers aanmoedig en inspireer, gevolg deur kompromieë wat ontmoediging en wanhoop meebring. Soos advokaat-digter John Godfrey Saxe eenmaal gesê het: "Dit mag 'n vreemde vergelyking wees maar die maak van wette is soos om geprosesseerde vleisprodukte te vervaardig – indien u daarvan hou is dit beter om nie te sien hoe morsig die proses is nie.

Indien ons nogtans dink dat die politiek nos g nooit só sleg was nie, verstaan ons nie die politiek nie. Persoonlike aanvalle en karakter-sluipmoord is nie in 2016 deur Donald Trump en sy "twiets" uitgevind nie – ook nie in 1988 deur Lee Atwater en sy wrede "Willie Horton"-advertensies teen Michael

Dukakis nie en ook nie in 1964 deur Bill Moyers, wie se beroemde "Daisy"-advertensie, wat Barry Goldwater beswadder het sonder om eers die kandidaat se naam te noem nie. Politieke moddergooiery was eintlik van die vroegste tye af 'n belangrike deel van die Amerikaanse politiek.

Dink daaraan dat Thomas Jefferson na bewering die koerantverslaggewer, James Thomson Callender gehuur het om valse gerugte en persoonlike aanvalle oor sy politieke teenstander, John Adams, te publiseer. In sy pamflet *The Prospect Before Us,* beweer Callender dat Adams oor "'n afskuwelike hermafroditiese karakter beskik wat nie die krag en standvastigheid van 'n man óf die sagtheid en sensitiwiteit van 'n vrou het nie".

Jefferson self was nie immuun teen sulke aanvalle nie. Op 4 Julie 1798 het die president van die Yale-universiteit, Timothy Dwight, 'n goed gepubliseerde "preek" gegee waarin hy vir die skare gesê het: "Indien Jefferson verkies word, kan ons dalk vind dat ons vrouens en dogters die slagoffers van wettige prostitusie word, skandelik onteer, hulle skoonheid besoedel, die uitgeworpenes van ordentlikheid en deug, die afsku van God en die mens".

Let op dat die voormalige VS kongreslid, Kenneth Rayner, enkele jare voordat die burgeroorlog uitgebreek het, nie gehuiwer het om in 'n koerant in Noord-Carolina te skryf dat die destydse president Franklin Pierce "die koppelaar *[pimp]* van die Withuis was nie ... 'n Man wat so laag gesink het dat ons hom nouliks kan haat. Ons het niks anders as afsku, jammerte en minagting nie" (*The Weekly Standard*, 4 Julie 1855).

Nee, die aard van die politiek het nie verander nie. Wat ons vandag onder ons politici betreur – naamskending, beledigings en smeerveldtogte – was nog altyd meer die norm as die uitsondering.

**Nou is elkeen 'n politikus**

Soos 'n liggaam wat heeltemal deur 'n virus ingeneem is of vol bakterieë is, só lyk ons lewens vandag asof dit heeltemal deurdrenk is met politiek. Politici baklei voortdurend vir ons stemme en ons geld. Betogings deur politieke partygenote vul ons nuusberigte – soms letterlik ook ons strate – namate hulle probeer om ons te bedrieg in ons heel alledaagse keuses van politieke verklarings:

*Besoek u 'n kitskosrestaurant?* Wees versigtig — die eienaars van Chick-fil-A het geld geskenk om ongewilde wetgewing te ondersteun, pas dus op vir betogers.

*Op soek na 'n nuwe hoed?* U beter seker maak dat dit nie die verkeerde kleur is nie – iemand kan u dalk verkeerdelik as 'n "Trump-ondersteuner" aansien.

*Koop u 'n blikkie boontjies?* Indien die handelsmerk Goya is, het u dieselfde bekommernis.

*Dra u 'n masker om die infeksie van die corona-virus te verminder?* Wees bereid om 'n "swakkeling" genoem te word wat maar te inskiklik is om te voldoen aan regeringstoesig.

*Sit u om na sport te kyk?* Verwag om die huidige gewilde politieke slagspreuk te sien wat op die vloer van die arena geskilder is of die mees onlangse name van politieke martelare wat op die spelers se truie of helms aangebring is.

*Laai u u kind by die skool af?* Is u "omgewingsbewus" in 'n elektriese motor of ontneem u ons eie burgers van werk as 'n bestuurder van 'n ingevoerde motor? Selfs u kinders op skool kan nie politiek vryspring nie – van kos in die kafeteria, die boeke in die biblioteek tot die lesse in die klaskamer. Selfs wiskundeklasse kan vandag ingekleur word deur onderwysers se politieke neigings en wêreldbeskouings.

Sommige waarnemers het die byna godsdienstige ywer opgemerk waarmee baie mense nou politiek beoefen. In die afwesigheid van 'n ware God in mense se lewens, is politici aan alle kante gereed om daardie leemte te vul. Daar is 'n rede waarom so baie mense oproerig is en die onluste in die openbaar verdedig, ongeag die skade wat hulle veroorsaak en die lewens wat hulle met godsdienstige ywer vernietig: Wanneer God afwesig is, vul verskriklike dinge

die lugleegte.

**Politiek as 'n spansport?**

Hierdie is nie die manier om 'n beskawing te bestuur nie. Die verpolitisering van bykans *elke* aspek van die lewe en ook 'n atmosfeer wat selfs die geringste meningsverskil gelykstel aan 'n persoonlike aanval, het presies die soort omgewing geskep wat ons sou kon verwag: 'n Groot deel van die moderne lewe is nou 'n venynige kompetisie en 'n wrede slagveld van ideologieë.

In 'n artikel vir die VS-uitgawe van die VK se tydskrif, *Spectator,* het die Amerikaanse komediant en politieke kommentator Bridget Phetasy geskryf oor die lelike wêreld van "politiek *über* alles", waarin burgers van die VS hulleself tans bevind: "Demokrasie sterf nie in die donker nie; dit sterf wanneer politiek 'n spansport word, ten aansien van 'n bloeddorstige, juigende kieserskorps ... Terwyl albei kante al hoe meer die rede as wapen gebruik en sameweringsteorieë opdis ten einde kranksinnigheid te verdedig, worstel miljoene verstandige, gematigde Amerikaners met die keuse om by 'n volksgroep aan te sluit, hulle heeltemal te onttrek of om kranksinnig te word" ("*The battle cry of the politically homeless*," 16 Augustus 2019).

Phetasy se opmerkings is merkwaardig omdat hulle die rol van die volk erken – die burgers *self*. Demokrasie – ongeag die verskillende vorms en samesmeltings – verbind die kwaliteit van 'n volk se leierskap direk aan die kwaliteit van sy mense. Die magtiges beklee hulle posisies omdat "hulle span" – die jongste politieke meerderheid – hulle daar *wil hê*. U kry die leiers wat u kies – wat in die politieke arena wen of anders gestel, u kry die leiers wat u verdien. Selfs wanneer die burgers in 'n demokrasie hulle leiers se geskiktheid, persoonlikhede en bekwaamheid minag, verseker die aard van demokrasie dat die leiers die karakter van "hulle span" – *die mense* – weerspieël wat hulle daar geplaas het.

Die huidige toestand van sake laat ons dink aan die apostel Paulus se waarskuwing van lank gelede, dat wanneer ons die tweede groot Gebod vergeet: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself", en ons begin mekaar byt en opeet, sal ons uiteindelik die een deur die ander verteer word (Galasiërs 5:14-15). Die nare, wrede, selfvernietigende omgewing waarin baie demokrasieë en demokratiese republieke hulleself tans bevind – die sieklike en verrottende aard van openbare gesprekke en interpersoonlike verhoudings – is nie heeltemal nét die politici se skuld nie. Daardie leiers is 'n produk van die euwels wat onder hulle mense heers en hulle leiers dra daartoe by om die euwels van hulle mense te vererger – 'n bose kringloop wat besig is om tot 'n verskriklike einde te lei, tensy iets gedoen word om die kwaal hok te slaan.

**Die Bybel het hierdie dae voorspel!**

Wanneer ons na die Bybel kyk, sien ons dat die antieke profesieë hierdie leierskapkrisis voorspel het. In 'n boodskap aan "Jerusalem" en "Juda" wat vandag nog op ons nasies van toepassing is, sê Jesaja vir ons dat God die "stut en die steun, elke stut van brood en elke stut van water, die held en die krygsman, die regter en die profeet en die waarsêer en die oudste; die owerste oor vyftig en die aansienlike en die raadsman en die knap ambagsman en die ervare besweerder" sal verwyder (Jesaja 3:1-3).

Wat sê God hier? Hy sal bekwame leiers heeltemal wegneem uit ons sondige nasies en ons sonder enige sinvolle leiding laat. In plaas daarvan sal ons nasies gelei word deur "seuns" – die moedswilliges en onvolwassenes (Jesaja 3:4) wat sal lei tot 'n bevolking wat teen homself draai: "En die mense sal mekaar verdruk, man teen man, en die een teen die ander; die seun sal die grysaard, die veragtelike sal die agbare stormloop" (vers 5). In daardie beskrywing kan slegs *blindes* nie 'n volmaakte uitbeelding sien van die samelewing wat ons besig is om rondom onsself te skep nie.

Die resultaat sal wanhoop wees! Jesaja verduidelik dat mense nie na kwalifikasies of geloofwaardigheid sal kyk nie, maar na die geringste aanduidings dat iemand moontlik kan leiding neem. Sommige mense sal na ander in hulle huishouding draai en sê: "Jy het 'n kleed, jy moet owerste oor ons

wees, en laat hierdie ingestorte puinhoop onder jou toesig wees" (vers 6). Waarlik, hoeveel "nikswerd leiers" begin die volke van die wêreld nie kies nie? Dit is nie toevallig dat die VS presidentsverkiesing neerkom op 'n wedloop tussen 'n bekende van die werklikheidstelevisie en 'n man wat die swakste in sy regsklas op universiteit presteer het en ook as 'n voorgraadse student. Baie mense het gesê dat hulle van plan is om nie *vir* 'n gunsteling te stem nie, maar *teen* die kandidaat van wie hulle die minste hou!

God het die profeet Eségiël geïnspireer om kragtig te spreek tot ons tye om die "vorste", die "priesters" en die "profete" wat die samelewing om die bos lei, te veroordeel (Eségiël 22:26-28). In moderne terme is dit die regeringsleiers wat veronderstel is om te regeer, die godsdienstige leiers wat veronderstel is om te preek en die media persoonlikhede wat veronderstel is om "die waarheid kragtig te spreek" – wie se joernalistieke leuse vroeër was "om die wat geteister was gerus te stel en die wat gerus is te teister".

Dit is egter nie net 'n beskuldiging teen leiers nie. In dieselfde gedeelte veroordeel Eségiël die volk self, aangesien hulle net so skuldig is soos hulle leiers (vers 29). Dit behoort ons nie te verbaas nie; Paulus waarsku die jong evangelis Timótheüs, dat mense in die laaste dae (dit wil sê in *ons* tyd) liefdeloos sal wees, lasteraars, trotsaards, wreed en onheilig – verteer deur geldelike gewin en sonder selfbeheersing (2 Timótheüs 3:1-4). Paulus waarsku dat die mense "'n gedaante van godsaligheid" sal hê, maar die krag van *egte*, Bybelse godsaligheid ontken – 'n ontkenning wat ons oral rondom ons sien (vers 5).

Sommige mense wonder hoe die mense van die wêreld die slagoffer van die geprofeteerde "dier" en die valse profeet sal kan word. Onthou dat hulle goddelose godsdienstig politieke masjinerie, wat deur die duiwel self aangedryf sal word, baie mense ongelooflik ryk sal maak (Openbaring 18:3). Baie mense sal voorspoedig wees, onaangeraak deur die ondenkbare lyding wat ander mense aangedoen word (Openbaring 13:4-7, 11-15), totdat hierdie vereniging van tiranniese politieke mag en vervalste "Christelikheid" ons wêreld tot op die randjie van selfvernietiging sal neem.

Hiermee sal die gees van politiekery sy natuurlike hoogtepunt bereik. Gesetel in kompetisie en die begeerte om te sien hoe die eie wil op ander mense afgedwing word – ongeag die koste – sal die siekte van politiek versprei totdat dit die lewe van die mensdom self in gevaar stel, so erg dat geen vlees op aarde sal kan oorleef nie (Matthéüs 24:22).

**Die oplossing is aan die kom – Hy is nie 'n politikus nie!**

Ja, dinge sal vererger voordat dit beter sal word en ons sal ons wêreld op die rand van vernietiging sien. Gelukkig sal daardie dae *verkort* word voordat ons wêreldvernietiging pleeg. Jesus Christus sal na die aarde terugkeer om as Koning van die konings en die Here van die here te regeer. Tog, anders as enige koning, president of eerste minister voor Hom, sal Sy Regering die reëls heeltemal verander en dit sal die plaag van politiekery genees!

Waarom? Daar is 'n ingeboude probleem met mense wat oor ander mense regeer, soos wat die politieke wetenskaplikes Bruce Bueno de Mesquita en Alastair Smith opmerk in hulle siniese, maar insiggewende boek, *The Dictator's Handbook*: *Why Bad Behavior Is Almost Always Good Politics:*

> "Geen leier is monolities nie. Indien ons sin wil maak oor hoe mág werk, moet ons ophou om te dink dat Noord-Korea se Kim Jong Il kan doen wat hy wil. Ons moet ophou glo dat Adolf Hitler óf Joseph Stalin of Genghis Khan of enigiemand anders alleen heerskappy oor hulle onderskeie nasies gehad het ... Al hierdie idees is heeltemal verkeerd omdat hoegenaamd géén keiser, koning, sjeik, tiran, hoofuitvoerende beampte, gesinshoof of leier, alleen kan regeer nie" (bl. 1).

Mense wat oor ander mense regeer, kan dit slegs doen omdat

sleutelondersteuners hulle in daardie magsposisies *wil hê*. Wanneer daardie ondersteuning afneem, is daar altyd iemand wat alte graag die leier se plek wil inneem. Dit geld ook vir presidente, senatore en ministers van die parlement asook vir konings, diktators en alleenheersers. In menslike stelsels van heerskappy is politiek onvermydelik, net soos politici. Selfs die magtigste menslike heersers moet soms witvoetjie soek by hulle ondersteuners of brose koalisies van bondgenootskappe onderhou, elkeen met hulle eie begeertes en planne.

Die verheerlikte Christus sal egter nie 'n politikus wees nie. Jesaja 9:6 beskryf hoe die volke van die aarde die Messiaanse regering van Jerusalem af oor die hele wêreld sal beskou en let daarop dat Hy genoem sal word: “Wonderbaar, Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors”. Alhoewel politici poog om hulle doelwitte te bereik deur manipulasie, uitgeslapenheid en bedrog, sal die Een wat die titel “Magtige God” met reg dra, Homself nooit tot sulke taktiek wend nie.

Die VS president Theodore Roosevelt is bekend daarvoor dat hy sy buitelandse beleid beskryf het as weldeurdag en gesaghebbend. Wel, Jesus Christus sal die hoogste gesag in die skepping hê – in werklikheid sal Hy die mag in die *hele* heelal tot Sy beskikking hê! Geen “politiekery” sal nodig wees nie. Indien 'n volk besluit om te rebelleer, sal die Een wat vanuit Jerusalem regeer, eenvoudig verklaar dat die ongehoorsame volk *geen reën op sy land mag hê nie* (Sagaría 14:17-19). Die natuurkragte sal gehoorsaam wees! Wanneer die land verdroog en sy mense én hulle leiers, die vooruitsigte van droogte en swaarkry in die gesig staar, sal hulle hul aan hierdie nuwe Koning onderwerp.

Jesus Christus sal met absolute gesag regeer. Vir die Seun van God sal absolute gesag egter nie absolute korrupsie wees nie, dit sal glad nie korrup wees nie. Die sondelose lewe wat Christus geleef het ter wille van die hele mensdom gedurende Sy drie dekades op aarde voor Sy kruisiging, toon die karakter wat Hy met Sy rol sal hê. Hy sal die wysste, liefdevolste en beste Heerser wees wat die wêreld nog ooit geken het. Diegene wat onder Sy leiding sal leef, sal 'n nuwe wêreld ervaar wanneer die Skepper met nederigheid en geregtigheid oor Sy skepping regeer, terwyl Hy die armes en sagmoediges versorg en beskerm en Sy koninkryk met geregtigheid vul. Hy sal selfs die aard van die diere verander, sodat hulle nie meer skade sal aanrig nie en in die diereryk uitbeeld wat Hy uiteindelik onder mense in Sy Koninkryk sal bereik: 'n Volledige verandering van die menslike natuur. Orals sal mans en vrouens uiteindelik lewens leef van ware godvrugtige liefde vir mekaar, wat regeer sal word deur die Wette van God. Die wêreld sal blom onder die hand van sy Goddelike Koning, soos ons in baie gedeeltes vind (bv. Jesaja 11:1-10).

**Môre se wêreld – vandag?**

Sou u nie graag 'n voorsmaak wou hê van daardie toekomstige wêreld nie, selfs al is God se Koninkryk en die heerskappy van Jesus Christus nog nie op die aarde gevestig nie? God is besig om 'n klein groepie mense nou te roep om 'n voorsmakie te ondervind van daardie tyd – 'n voorsmakie van 'n wêreld sonder politiek.

Diegene wie Jesus Christus volg, is “vreemdelinge en pelgrims” op die aarde (Hebreërs 11:13). Hulle neem nie deel aan die wêreld se politiek nie, aangesien hulle “burgerskap” is van die toekomstige Koninkryk van God, wat tans in die Hemel is (Filippense 3:20). Soos ambassadeurs wat hulle lande verteenwoordig terwyl hulle in die buiteland woon, streef Christene daarna om God se Koninkryk te verteenwoordig, selfs terwyl hulle in hierdie verdorwe wêreld woon (vergelyk 2 Korinthiërs 5:20). Net soos ambassadeurs nie stem in die lande waar hulle gestasioneer is nie, neem Christene nie deel aan die politiek van die lande waar hulle woon nie.

Soos Jesus vir Pontius Pilatus gesê het: “My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg

*Vervolg op bladsy 26*

# Dit is Londen wat roep
# COVID-19: Vrees en u toekoms

**Deur John Meakin**

In die eerste maande van 2020 is 'n groot deel van ons wêreld verswelg deur die COVID-19-pandemie. Elkeen van u wat hierdie artikel lees, het u eie verhaal oor hoe die coronavirus u lewe en die lewens van u geliefdes beïnvloed het.

Nadat die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) die coronavirus op 10 Maart 2020 as 'n pandemie verklaar het, het dit nie lank geduur voordat ons in die VK opdrag gekry het om binnenshuis te bly nie en die grootste deel van die ekonomie het tot 'n rukkende stilstand gekom. Skielik was ons in 'n heel ander wêreld met sy eie woordeboek van termes.

Ons woordeskat het net soos ons verwarring uitgebrei, terwyl ons geleer het van *coronavirusse*, *ingewikkelde statistieke en toetse*, *kontakopsporing*, *epidemioloë*, *afplatting van die kurwe*, *kudde-immuniteit*, *inperking (lockdown)*, *sosiale afstandhouding*, *ventilators*, *virale lading*, *entstowwe* en kontroversiële, onuitspreeklike terapieë soos *hidroksied-chlorokwinien (HCQ)*.

Ons lewenswyse en lewenspatrone is geheel en al ontwrig. Die skrywer van die artikel was een van diegene wat as 'n besondere risiko beskou word. Ek is gevolglik vroeg in Maart opdrag gegee om tot Junie in my huis te bly, later is dit verleng tot Julie. Daar is aan my gesê dat teen die tyd dat u hier lees, hierdie beperkings moontlik weer ingestel sal word.

Vir maande lank is ek elke dag net vir 'n kort tydjie toegelaat om buite te oefen, solank ek weggebly het van almal in my omgewing. Alle voorrade en lewensmiddele moes egter na mý gebring word. Ek het heeltemal afhanklik van ander mense geraak. Dit het gelyk asof politici, mediese owerhede en die media ons voortdurend 'n dieet van vreesinboeseming gevoer het wat by sommige mense 'n gevoel van histerie en vrees vir dreigende infeksie en dood geskep het.

## Vreesgevulde formules van mislukkings

Amerikaners wat vertroud is met dr. Anthony Fauci, het miskien nie gehoor van Neil Ferguson nie – 'n epidemioloog van die VK wat 'n rekenaarmodel ontwikkel het wat volgens hom die verloop van die pandemie akkuraat sou voorspel. Hy het dit by verskeie geleenthede van 2001 tot 2002 gebruik vir hand-, bek- en klouseer en malkoeisiekte; voëlgriep in 2005; en vir varkgriep in 2009 – alhoewel geeneen van sy vreeswekkende voorspellings werklik akkuraat was nie ("*Who is Neil Ferguson, the Imperial College Londen virus modeller and Government scientific adviser*," *The Telegraph*, 5 Mei 2020).

In die middel van Maart 2020 het Ferguson beweer dat tot 500,000 Britte kan sterf, tensy daar onmiddellik 'n inperking (lockdown) is, terwyl die ontwikkeling van 'n geskikte entstof aan die gang was. Sy advies het daartoe gelei dat die Britse Eerste Minister, Boris Johnson, die vorige beleid omgekeer het in 'n poging om "die wetenskap te volg" ("*The terrifying data behind the government's sudden coronavirus lockdown*," *The Telegraph*, 17 Maart 2020). Het Ferguson se rekenaarmodel egter ware wetenskap gelewer?

Baie nasies het die inperkingsbeleid ernstig opgeneem en dit het die beleid in die Verenigde State sterk beïnvloed. Namate die werklike data na vore gekom het, moes Ferguson se syfers nogtans geleidelik en ernstig afgegradeer word. Sy aanvanklike advies het geblyk kontroversieel, onnodig vreeswekkend en onakkuraat te wees en sommige kundiges het sy rekenaarprogram as onbetroubaar beoordeel. Ferguson is uiteindelik gedwing om as regeringsadviseur te bedank nadat hy betrap is dat hy sy eie inperkingsreëls oortree het – nogal teenstrydig met wat in die VS gebeur het, waar burgemeesters, goewerneurs en Kongreslede hulle werk behou het ondanks die oortreding van die reëls wat hulle vir ander mense voorgeskryf het.

## Feite, vrese of geloof?

Wanneer 'n mens daarop bedag is, kan daar al hoe meer inligting gevind word om 'n groot geskiedkundige agtergrond vir hierdie pandemie-krisis te voorsien – 'n agtergrond wat dalk moeilik te vinde sal wees te midde van luide aankondigings deur sommige mense wat valslik beweer dat COVID-19 niks anders as 'n klugspel is nie, terwyl ander mense ons weer

vertel dat ons op die onvermydelike randjie van 'n ander ramp soortgelyk aan die vorige eeu se 1918-1920 Spaanse griep is. Wat het albei uiterstes in gemeen? *Hulle wil vrees opwek*.

Enersyds probeer sommige kwaksalwers ryk word deur onbewese en selfs gevaarlike behandelings en "kure" vir COVID-19 te bevorder. Tog het dit geblyk dat ander gevestigde belangegroepe onwillig was om erkenning te gee aan die verskeidenheid goedkoop en effektiewe behandelings wat baie pasiënte gehelp het om uit te hou en te herstel van die siekte. Wat het albei uiterstes in gemeen? *Hulle wil vrees aanwakker*.

Daar is beslis diegene met verswakte immuunstelsels en ernstige kwale wat kwaai geraak kan word deur COVID-19, maar selfs baie van hulle kan herstel met oordeelkundige behandeling. Vir 'n paar mense – veral bejaardes wat dikwels ander gesondheidsprobleme ondervind – kan COVID-19 'n baie ernstige, lewensbedreigende siekte wees, wat nie geringgeskat behoort te word nie! 'n Mens kan egter dieselfde van soveel ander lewensgevaarlike kwale sê wat ons vandag as vanselfsprekend aanvaar. Waar is die kundiges wat inperkings vir noodlottige motorongelukke of tabakverwante siektes bepleit? Indien ons ons hele lewe sou benader met dieselfde vrees waarmee sommige mense COVID-19 benader, sou ons verlam gewees het en ons sou glad nie kon funksioneer nie!

Gelukkig, namate ons meer te wete kom oor COVID-19, is dit duidelik dat die totale sterftesyfer vir infeksies baie laer is as wat aanvanklik verwag is. Die oorgrote meerderheid van die mense wat die virus opdoen, sal nie van die virus sterf nie en sal miskien nie weet dat hulle dit gehad het nie (ons noem sulke gevalle *a-simptomaties)*. Trouens, om "positief te toets" vir COVID-19 beteken nie noodwendig dat die virus aktief of aansteeklik is nie of dat die "positiewe" persoon selfs siek voel nie. In so 'n omgewing is dit beslis sinvol dat openbare gesondheidsowerhede maatreëls tref om diegene te beskerm wat die kwesbaarste is vir die ergste gevolge van die virus. Wat van inperkings? Wel, *kwarantyn* is 'n eeue-oue voorskrif wat selfs in u Bybel gevind word. Is daar vandag selfs net *een* regeringsleier wat bereid sou wees om die Bybel se kwarantynbenadering *en* al die voorskrifte vir die gesondheid van gemeenskappe te volg? Vasgevang te midde van doemprofete van alle kante af, hoe kan ons individueel die regte balans vind tussen versigtigheid en optrede?

### God: Die Kundige wat u kan vertrou!

Soos ons hoofredakteur, Gerald Weston, deurgaans in sy artikels en video's opgemerk het, was die COVID-19-pandemie heeltemal voorkombaar. Indien ons in God sou glo en volgens daardie geloof sou handel – deur die lewenswyse te volg wat Hy in die Skrif openbaar, wat dieetwette, voorskrifte vir die hantering van aansteeklike siektes en standaarde vir kwarantyn insluit, sou ons 'n baie hoër vlak van lewenskragtige, goeie gesondheid geniet.

Die Skrif sê vir ons: "Wees nie wys in jou eie oë nie; vrees die HERE, en wyk af van die kwaad; dit sal genesing wees vir jou liggaam en verkwikking vir jou gebeente" (Spreuke 3:7,8). "Vrees" beteken hier nie om verskrik te wees nie; dit beteken dat ons God behoort te waardeer as die een onfeilbare Kundige – 'n Kundige wat, soos ons moet onthou, die menslike liggaam met 'n ongelooflik doeltreffende *immuunverdedigingstelsel* ontwerp het. Dit is 'n bate van onskatbare waarde en ons behoort die immuuntelsel toe te laat om die werk te doen waarvoor God dit ontwerp het en dit nie te kortwiek met swak lewenstylkeuses nie (byvoorbeeld die eet van onrein voedsel, om te rook of gevaarlike dwelms vir "ontspanning" te gebruik) wat teenstrydig is met God se duidelike opdragte.

"Kundige" mediese advies mag dalk daagliks verander, terwyl politici farmaseutiese maatskappye en doemproefete hulle eie belange sal bevorder. Indien ons God egter vrees, *hoef ons nie in vrees te leef nie*. Ons kan positief en hoopvol wees, met die wete dat ons die heel beste leiding volg! Ja, ons moet óns deel ten volle doen, verstandige maatreëls toepas, maar ons moet nooit vergeet dat God ons Geneesheer is nie. Vertroue op God is nie 'n plaasvervanger vir tydige en weldeurdagte optrede nie, maar ons mag nooit Sy krag as 'n wonderwerkende God onderskat nie. Vir meer inligting oor hoe Sy leiding u in die hede en nou kan ondersteun en onmeetbare seëninge in die toekoms kan bring, lees gerus ons boekie *Bybelse Beginsels van Gesondheid* by *wvm.co.za* of bestel u eie gratis eksemplaar.

WvM

# Vrae & Antwoorde

## Is die mensdom 6,000 jaar gegee om hulleself te regeer?

**Vraag:** Vanwaar kry u die idee dat 6,000 jaar van selfregering aan die mensdom gegee is, wat gevolg sal word deur 'n 1,000-jarige Regering van Jesus Christus?

**Antwoord:** Die eerste twee hoofstukke van Génesis toon dat God in 'n tydperk van ses dae die aarde herskep het en die voorouers van alle lewe vandag. Hy het toe op die sewende-dag Sabbat gerus. Dit het 'n weeklikse siklus begin waarin die mens ses dae moet kan en elke Sabbat kan rus (Exodus 20:8-11). In Hebreërs 4:3-11 verduidelik die apostel Paulus dat die sewende-dag Sabbat die wonderlike tyd van vrede en rus voorstel wat sal volg op hierdie huidige tydperk van die mensdom se aktiwiteite. Die apostel Johannes is geïnspireer om te skryf dat die naderende tyd, wat begin met die Wederkoms van Christus om Sy Koninkryk te vestig, 1,000 jaar sal duur (Openbaring 20:1-4) – 'n tydperk wat dikwels die Millennium genoem word.

Aangesien die sewende dag 'n periode van 1,000 jaar in God se plan voorstel, word aanvaar dat die vorige ses dae van die week ook 1,000 jaar periodes verteenwoordig. Die apostel Petrus het hierdie beginsel duidelik gemaak toe hy die verwagting van Christus se Wederkoms bespreek het: "Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag" (2 Petrus 3:8).

Hierdie konsep was goed bekend onder die Jode van Petrus se tyd. Ongeveer 200 jaar voor Christus, het Rabbi Elias geskryf: "Die wêreld bestaan sesduisend jaar, tweeduisend voor die Wet, tweeduisend onder die Wet en tweeduisend onder die Messias" (William Pym, *A World of Warning in the Last Days*, 1841, bl. 88). Die beroemde geskiedskrywer Edward Gibbon skryf dat "die tradisie toegeskryf is aan die profeet Elia" (*History of the Decline and Fall of the Roman Empire*, 1875, bl. 533). *The Encyclopedia of the Jewish Religion* (1965, bl. 263) berig dat die *tannaim* – die rabbi's van Christus se tyd – so 'n interpretasie gebaseer het op Psalm 90, wat deur Moses geskryf is: "Want duisend jaar is in u oë soos die dag van gister as dit verbyskiet, en soos 'n nagwaak" (vers 4). Die *tannaim* het gesê aangesien daar ses dae van die skepping was, sal die wêreld 6,000 jaar bly bestaan. Die sewende "wêreldse dag" sou die 1,000 jaar van die Messias se heerskappy wees.

Die 7,000-jaar plan van God was in die vroeëre Kerk "sorgvuldig ingeskerp" (Gibbon, bl. 534). Die "kerkvader" Irenaeus is deur Polycarpus, dissipel van die apostel Johannes, onderrig. Ongelukkig het Irenaeus van die leerstellings van Christus se Apostels afgewyk, maar hy het klaarblyklik 'n mate van waarheid behou. In *Against Heresies* (ca. 150 n.C.) het hy oor die geloof van die vroeë Kerk gepraat: "Hierdie is 'n verslag van die dinge wat vroeër geskep is, net soos dit ook 'n profesie is van wat gaan kom. Want die dag van die Here is soos 'n duisend jaar en in ses dae is die geskape dinge voltooi: Dit is dus duidelik dat dit tot 'n einde sal kom in die sesde duisend jaar periode" (boek 5, hoofstuk 28, afdeling 3).

Om verder te illustreer hoe algemeen die oortuiging was dat die Millennium 6,000 jaar na Adam se skepping sal begin, kan baie meer van die geskrifte deur ander vroeë rabbi's en "kerkvaders" ondersoek word, soos dié van Rabbi Ketina, Lactantius, Victorinus, Hippolytus van Rome, Justin die Martelaar en Methodius. Alhoewel daar nie op hierdie mense staatgemaak behoort te word vir Bybelse waarheid nie, getuig hulle beslis hoe wydverspreid hierdie begrip in die vroeë eeue na Christus se dood was. Hierdie is in werklikheid die gerespekteerde mening van die meeste belydende Christelike geleerdes deur die eeue heen, tot vandag toe.

God het vir Adam gesê dat wanneer hy die "dag" die verbode vrug eet, hy sou sterf (Génesis 2:17) – maar Adam het geleef en 930 jaar oud geword (Génesis 5:5)! Hoe is dit moontlik? Een manier is net soos Methodius en ander vroeë kerkkommentators dit verduidelik het: Aangesien 'n dag by God soos 'n duisend jaar is, moes Adam sterf voordat die eerste 1,000 jaar dag voltooi was en hy hét.

Wat is die doel van hierdie 6,000 jaar van menslike selfregering? God laat mense nou toe om, deur menslike lyding, die lesse "neer te skryf" wat nodig is om te leer as gevolg van hulle teenkanting teen God. In die Millennium sal mense vir 1,000 jaar die vrede en harmonie van God se lewensweg met die vorige 6,000 jaar van oorlog en twis kan vergelyk. Uiteindelik, in die Groot Wit Troon Oordeel (Openbaring 20:11-13), sal diegene vir wie God nog nie voorheen geroep het nie, in staat wees om die groot verskil te ervaar tussen die menslike lewenswyse en om te leef volgens God se lewenswyse. Om meer te wete te kom oor God se plan vir die mensdom, bestel gerus u gratis eksemplaar van *Die toekomstige wêreld: Hoe sal dit wees?* WvM

# Die werke van Sy hande
## Die uitsonderlikheid van die gewone Richardson grondeekhoring of waaiersterteekhoring

Deur Gary Molnar

Ek en my vrou het onlangs na 'n klein plasie verhuis in die suide van Alberta, Kanada, waar ons gevind het dat om op 'n plaas te woon, 'n mens se verbintenis met God se skepping verdiep. Daar is ook baie harde werk, maar soms gaan daardie twee dinge hand aan hand. Grondeekhorings is byvoorbeeld besig om ons weivelde oor te neem en alhoewel ek probeer het om die bevolking van die grondeekhoring te beheer, het ek 'n bietjie geleer oor hoe hierdie skynbaar gewone diertjies hulle Skepper verheerlik.

**'n Knaagdier met baie name**

In 1820 was Sir John Richardson, 'n Skotse chirurg en natuurkundige, op 'n vlootekspedisie. Aan hom is die taak opgelê om die Noordpoolkus van Britse Noord-Amerika, wat nou Kanada is, te karteer. Terwyl hy op 'n uitstappie in die land was, het hy in aanraking gekom met 'n knaagdierspesie wat hy nog nie voorheen teëgekom het nie. Hy het voorbeelde teruggestuur na Engeland, tesame met die eerste bekende wetenskaplike beskrywing van hierdie "nuwe" spesie.

Ter ere van hom is die knaagdiertjies, "Richardson se grondeekhoring" genoem. Ander meer beskrywende name vir hierdie diertjies sluit in "*gopher*", wat afgelei is van die Franse *gaufr*e, wat heuningkoek of wafel beteken en verwys na die ingewikkelde gate wat hulle grawe; "waaiersterte", aangesien dit lyk asof hulle sterte aanhoudend aan die beweeg is; "*dakrat*" of "*Dakota-rat*"; en "*picket-pin*", na aanleiding van hulle gewoonte om "penorent" op hulle agterpote te staan wanneer hulle hul omgewing vir gevaar bespied.

Baie mense wat die woord "eekhoring" hoor dink aan 'n diertjie wat neute versamel en sy tuiste in bome maak. Daar word egter meer as 200 verskillende soorte eekhorings regoor die wêreld gevind. Die Richardson se grondeekhoring is een daarvan – 'n eekhoring wat op en *in* die grond woon.

**Ondergrondse ingenieurs**

'n Kolonie grondeekhorings sal jare lank dieselfde gate gebruik en dit opknap wanneer dit nodig is deur meer tonnels, slaapkamers, ingange en uitgange by te voeg. Elke gat is die tuiste vir een volwassene of vir 'n wyfie en haar baie jong kroos. Enkele weke na geboorte, kort voor die volgende winterslaap, verlaat die kroos hulle moeder om verlate gate te vind of hulle eie te grawe.

Wanneer gate vir lêplekke gegrawe word, vermy grondeekhorings grond wat nie goed dreineer nie of wat nie goed kompakteer om struktureel veilige tonnels en kamers te kan vorm nie. Die voginhoud van die grond is ook belangrik om bouplekke te identifiseer. Richardson se grondeekhorings woon in droë, grasagtige gebiede wat dikwels nie direkte toegang tot grondwater het nie. Die grond waarin hulle bou, moet voghoudend wees om hulle te help om voldoende gehidreer te bly.

Die Een wat hierdie diertjies geskep het, het hulle van die nodige vaardighede voorsien sodat hulle in hul omgewing kan floreer – die vaardighede van 'n meesterargitek en ingenieur. 'n Tipiese gat sal verskillende ingange en uitgange hê wat lei na gange en kamers ongeveer 30-100 sentimeter onder die grond. Om die risiko van oorstromings tot die minimum te beperk, bou grondeekhorings dreinerings op die laagste punt van 'n gat.

Elke gat sal net een kamer vir oorwintering hê, maar verskeie slaapplekke en 'n grondeekhoring sal net 'n paar dae in dieselfde kamer slaap voordat hy na 'n ander kamer verskuif. Hierdie vreemde slaaproetine verseker dat die reuk van die grondeekhoring nie te sterk opbou en roofdiere lok nie. Voordat hulle met hul winterslaap begin, blokkeer die grondeekhorings die in- en uitgange van hulle gate met grond. Nadat hulle die winter se slaapkamer binnegegaan het, blokkeer hulle ook die ingang daarvan.

**Beplan vooruit en neem 'n blaaskans**

Dit mag dalk verrassend wees om te verneem dat Richardson se grondeekhorings jaarliks slegs 'n paar maande bokant die grond aktief is – hulle hiberneer die grootste deel van die jaar. Die periode van hulle winterslaap strek gewoonlik van Julie tot Februarie. Grondeekhorings is gemiddeld net vier maande lank van elke jaar aktief, hoewel

mannetjies – volwassenes sowel as jeugdiges – 'n aktiewe periode van tot drie maande langer kan hê, omdat hulle voorbereidings vir die winterslaap meer omvattend is as dié van wyfies.

'n Wyfie grondeekhoring sal geen kos in haar winterslaapkamer inneem nie, terwyl 'n mannetjie vir homself 'n klein voorraad sade en neute sal opbou om te eet wanneer hy vroeg in die lente wakker word. Hierdie voedselvoorrade is van kritieke belang omdat mannetjies 'n paar dae vroeër as wyfies uit die winterslaap wakker word, dikwels terwyl die grond nog met 'n laag sneeu bedek is en dit dan moeilik is om kos te soek. Met minder liggaamsvet as wyfies, is 'n voedselvoorraad met 'n hoë vet-inhoud noodsaaklik om hulle liggame te reguleer en vir voortplanting voor te berei wanneer hulle uit die winterslaap wakker word. Net soos soveel ander diere regoor die diereryk, is hierdie diertjies spesiaal deur hulle Skepper “geprogrammeer” om presies te weet wat hulle nodig het, presies wánneer hulle dit nodig het.

**Nogal 'n voordelige “plaag”!**

Aangesien Richardson se grondeekhoring in sommige gemeenskappe as 'n plaag beskou word, moedig owerhede dikwels bevolkingsbeheer aan deur middel van vergiftiging of deur om strikke te stel. 'n Oorvloed van hierdie vrugbare planteters kan nie net die oesopbrengste verminder en groentetuine vernietig nie, maar hulle uitgebreide netwerke van ondergrondse tonnels oortrek die landerye met ingangs- en uitgangsgate wat gevaarlik kan wees vir mense en lewende hawe wat kan struikel.

Behoort ons dus hierdie wesentjies as blote “ongelukke van evolusie” te beskou? of is hulle deur 'n briljante Ontwerper geskep wat niks sonder 'n rede skep nie? Indien hulle skeppings is, kan ons verwag om inderdaad 'n *voordeel* te vind wat die Richardson se grondeekhoring vir sy omgewing bied.

Ons vind dit wel. Richardson se grondeekhorings speel 'n deurslaggewende rol in die ekosisteem van die grasvlaktes. Hulle intensiewe en diep tonnelwerk help om die toestand van grond te bewerk en te verbeter en die gate wat hulle agterlaat, word omskep in eersteklas eiendom vir akkedisse, graaf-uile en bye. Hierdie gate beskerm ook klein diertjies wat skuiling soek teen roofdiere of stormweer.

Richardson se grondeekhorings is byna op die onderpunt van die voedselketting van die grasvlaktes se ekosisteem. 'n Gesonde bevolking van grondeekhorings kan ander wilde diere van kos voorsien – byvoorbeeld dassies, muishonde, prêriewolwe, uile, jakkalse, slange, alle soorte valke en arende. Richardson se grondeekhorings maak 'n aansienlike deel uit van sommige van hierdie roofdiere se diëte. Die dieet byvoorbeeld van die groot roeskleurige valk, 'n bedreigde spesie, bestaan na raming feitlik uitsluitlik uit grondeekhorings gedurende die aktiewe periode van die eekhorings. Alhoewel hulle as 'n “plaag” beskou word omdat hulle so volop is, kan 'n *tekort* aan Richardson se grondeekhorings die grasvlakte-ekosisteem wat God gevestig het, beslis erg bedreig en vir ons tuine baie erger wees as hulle “lastige” teenwoordigheid!

**Sien God se hand in die alledaagse**

Daar is baie wat ons kan leer uit die waarneming van die skynbaar gewone wesens wat God gemaak het. Trouens, die Skrif sê vir ons so: “Maar vra tog vir die diere, dat hulle jou leer; en die voëls van die hemel, dat hulle jou te kenne gee; of spreek die aarde aan, dat dit jou leer, en laat die visse van die see jou vertel. Wie weet nie deur al hierdie dinge dat die hand van die HERE dit gemaak het nie? In wie se hand die siel is van alles wat leef, en die gees van alle menslike vlees” (Job 12:7-10).

Wanneer ons in die versoeking kom om te dink dat 'n deel van die natuurlike wêreld meer probleme veroorsaak as wat dit werd is – of erger nog, die gevolg is van “blinde toeval”, is dit nodig dat ons bereid sal wees om 'n bietjie te kyk en onsself die geleentheid te gun om die fassinerende eienskappe en buitengewone voordele in die skepping van die Almagtige God te ontdek. Ons behoort versigtig te wees om nie God se hand mis te kyk in die “buitengewone, alledaagse” skeppings wat Hy doelbewus in ons lewens geplaas het om ons aandag op Hom te vestig nie – skeppings soos Richardson se grondeekhorings. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 20 – Die kuur vir politiek*

het" (Johannes 18:36). Jesus se volgelinge het nie geveg om Hom van Sy kruisiging te red nie en ook nie om die Romeinse regering te verander nie. Vandag verstaan hulle dat hulle nie hierdie wêreld kan regmaak deur die wêreld se eie politiek nie. Slegs Jesus Christus kan ons wêreld regstel wanneer Hy weer kom om Sy geprofeteerde Koninkryk op die aarde te vestig. Tot dan streef Christene daarna om uit hierdie wêreld se korrupte manier van selfregering uit te kom (2 Korinthiërs 6:17). In plaas daarvan om die minste van twee (of meer) euwels te kies elke verkiesingsiklus verkies hulle om die goeie nuus te versprei dat 'n ware Leier binnekort sal kom om alles te bereik wat die leiers van vandag nie kan doen nie!

Die Christene van vandag besef dat "die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie hy wil, en die nederige onder die mense daaroor aanstel" (Daniël 4:17). Hulle hoef nie aan die wêreld se politiek deel te neem nie, want hulle sien die groter prentjie. Daar is 'n diepe en kragtige gemoedsrus wat volg wanneer ons uitstap uit die politieke stryd en onsself toewy aan die groter saak van God die Vader! Dit verteenwoordig 'n voorsmaak, hoe gering ookal, van die gemoedsrus wat oor die hele wêreld sal kom wanneer die heeltemal nie-politiese Vredevors Sy regering in Jerusalem sal vestig in die jare wat voorlê. Daardie groepie wat op God se roeping reageer, kan daardie voorsmaak nou al kry! Indien u dink dat God u moontlik nou roep, oorweeg dit om die webwerf *wvm.co.za* te besoek en te soek vir die *Tomorrow's World-beeldsending*, "*Is God Calling You?*"

**Geen rede om te wag nie!**

Ek skryf hierdie artikel aan die einde van September 2020, meer as 'n maand voor die deurslaggewende VS presidentsverkiesing. Soos ek al genoem het, is baie waarnemers bekommerd dat die verkiesing nie werklik op 3 November sal eindig nie. Sal die uitslae vertraag word soos in 2000, deur geskille oor watter stemme getel behoort te word en op watter manier? Sal geregtelike gevegte oor posstemme of toegang tot stemlokale – of watter ander twispunte die desperate verloorders ookal mag opper – die land se trauma met weke of maande uitrek voordat daar 'n beslissing gemaak kan word? Sal hierdie trauma oorgaan na meer onrus in Amerika se strate – *Mainstreet* net soos *Wallstreet?* Onthou dat Amerika se trauma dikwels die wêreld s'n word.

Gelukkig is God se Woord duidelik. Alhoewel die vloek van politiek, politiekery en politici slegter sal word voordat dit beter sal word, sal dit tot 'n einde kom. Wanneer Jesus Christus weer kom, sal Hy 'n einde maak aan politiek. Dit maak nie saak watter veranderings ná die verkiesing in Amerika aan sy politieke stelsels gemaak mag word nie, net Hy is die oplossing. Hoe wonderlik is dit dat die genesing vandag kan begin vir diegene wat Hom toelaat om nou in hulle lewens te regeer! WvM


# Veertien Tekens wat Christus se Wederkoms aankondig

***Weet u watter gebeure die grootste gebeurtenis van alle tye – Christus se terugkeer na hierdie aarde – sal aankondig? Leer waarvoor om op die uitkyk te wees in die huidige chaotiese wêreldsituasie, sodat u nie verward of onvoorbereid sal wees nie***

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

> die berge en verhewe wees bo die heuwels, en die volke sal daarheen toestroom. En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van die HERE en na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen baie volke en regspreek vir magtige nasies tot in die verte; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie *meer* sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie. Maar hulle sal sit elkeen onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom, sonder dat iemand hulle verskrik; want die mond van die HERE van die leërskare het dit gespreek" (Miga 4:1-4).

Die profeet Jesaja beskryf hoe die terugkerende Messias liefdevol vir die swakkes sal sorg en die aarde se omgewing sal verander:

> "Dan sal die oë van die blindes geopen en die ore van die dowes ontsluit word. Dan sal die lamme spring soos 'n takbok, en die tong van die stomme sal jubel; want in die woestyn breek waters uit en strome in die wildernis. En die gloeiende grond sal 'n waterplas word, en die dorsland fonteine van water; in die plek van die jakkalse waar hulle gelê en rus het, is gras met riete en biesies" (Jesaja 35:5-7).

Dit is die *goeie nuus*! Of u nou enige vertroue in die Bybel stel of nie, daar is baie redes waarom u dit behoort te doen, dit *sal* gebeur. Dit hang nie daarvan af of ek of u dit glo nie.

**... Nog slegte nuus**

Wanneer ons na die jaar 2020 kyk, waarom sal ons twyfel of dit bekend sal staan as 'n jaar om onthou te word? Dit is duidelik dat hierdie jaar in die skadu gestel sal word wanneer dit vergelyk word met die jaar waarop Jesus Christus werklik weer sal kom, maar daar is nog 'n rede: Die jaar 2020 was slegs 'n opwarming voor die traumatiese jare wat die toekomstige goeie jare vooraf sal gaan. Dieselfde Bron wat die toekomstige idilliese wêreld voorspel, waarsku ook oor die ergste tyd van swaarkry wat die mensdom nog ooit beleef het. Tensy die mensdom van sy bose weë afsien, is die jaar 2020 slegs 'n voorsmaak van wat nog voorlê. Dit is tragies, maar daar is geen bewyse dat die mensdom van rigting sal verander nie. Dit is 'n seldsame gebeurtenis as menslike wesens hulle dwaling erken en hulle weë verander.

Daar is een opvallende voorbeeld: Ninevé, die hoofstad van antieke Assirië. Die Assiriërs is die voorsate van die hedendaagse Duitsers. U is miskien bekend met die verhaal van Jona wat deur 'n reuse vis ingesluk is, maar ken u die *hele* verhaal? Alhoewel party mense dink dat dit niks meer as 'n storie is nie, het Jesus die geskiedkundige egtheid daarvan bevestig en selfs verduidelik: "Die manne van Ninevé sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag en dit veroordeel; want hulle het hul op die prediking van Jona bekeer, en – meer as Jona is hier!" (Matthéüs 12:38-41).

Jesus het verduidelik dat die toestande op die aarde uiteindelik so haglik sal word dat alle lewe op die randjie van vernietiging sal wees (Matthéüs 24:21-22). Geagte Leser, slaan asseblief hierdie gedeeltes na. Hierdie is nie óns opinie nie, maar woorde uit die Skrif! Tensy ons in die geheel van ons sondes wegdraai – dit wil sê van die oortreding van God se Wette – lê daar 'n baie moeilike tyd voor wat 2020 inderdaad na 'n kleinigheid sal laat lyk. Ons sal nie net al hoe meer onrus in ons stede sien nie, maar ons sal sien dat selfs die natuur teen ons draai – Deuteronómium 28 en Levítikus 26 gee 'n volledige uiteensetting van hierdie toekoms.

Wanneer u sien dat iets wat soos vrede lyk en

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

# Onthou asseblief om in te skakel op ***Tomorrow's World*** TV-program van 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende, **kanaal 263** op DStv.

deur *menslike pogings* bereik is, moenie selfvoldaan raak nie. Ons word gewaarsku: "Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid – dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensnood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie" (1 Thessalonicense 5:3).

Al hierdie dinge *sal gebeur* – die goeie nuus asook die slegte nuus. Dit hang nie daarvan af of ek of u dit glo nie. Wanneer hierdie dinge oor ons kom, soos dit sekerlik sal, hoop ek dat u sal onthou waar u dit al *voorheen* gelees het.

Ek wens ek kon vir u sê dat dinge nie erger sal word nie en dat ons kalmer tye tegemoet gaan, maar op die ou einde troos 'n leuen nooit. Daar *is* egter hoop wanneer die storm verby is, wat onmeetbare vertroosting sal bied vir almal wat daarin glo!



# Wêreld van Môre
# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 3016**
**Harrismith, FS**
**9880**

**of skakel : 058 622 1424**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**